

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees  
van die waarheid en  
die gees van die dwaling*

## REDAKSIONEEL

# Met die voete bid

Oproepe tot gesamentlike gebed in 'n tyd van buitengewone nood het nie op dowe ore geval nie. Duisende mense het op die eerste Sondag van Junie op meer as 810 plekke in sowat 620 Suid-Afrikaanse dorpe en stede bymekaargekom om te bid vir oplossings van maatskaplike probleme soos misdaad, rassisme en armoede. Soortgelyke bidbyeenkomste is op meer as 4 000 plekke in Afrika en elders ter wêreld gehou.

Om as gelowiges saam te kom en te bid is 'n besondere voorreg waarvan ons elke Sondag by uitstek mag geniet. Om op sekere tye, as die nood dit eis, 'n dag van verootmoediging en gebed te hou is eweneens 'n besondere voorreg. Menigmaal het die volk Israel hulle op so 'n manier voor die Here verootmoedig, veral in die jare rondom die ballingskap. Die Gereformeerde kerkorde (artikel 66) maak spesiaal daarvoor voorsiening dat in tye van oorlog, pestilensie, algemene volksrampe en ander groot beproewings waarvan die druk in die kerke oral gevoel word, 'n dag van verootmoediging en gebed gehou word. Dit ly geen twyfel

dat ons in Suid-Afrika en in Suider-Afrika tans sulke omstandighede beleef nie.

Tog moet daar voortdurend teen eensydighede en verkeerde aksentuerings gewaak word – veral waar dit kom by die organisering van sogenaamde wêreldbiddae. Gesamentlike aanbidding mag nooit aangemoedig word bo of in die plek gestel word van persoonlike gebed nie. Dit mag eweneens nie in 'n menslike demonstrasie van massa-optrede teen wie of wat ook al ontaard nie. Dit mag allermins 'n manier wees om die Vader, tot Wie ons bid, te probeer manipuleer.

Uiteraard gee die media – gedruk, gebeeldsend, sowel as gesproke – 'n eiesoortige weergawe van die biddae wat gereël en gehou word. Alles wat die media daarvoor sê moet beslis nie as waar aanvaar word nie. Nietemin laat 'n terloopse opmerking soos 'die byeenkoms in Kaapstad het 45 000 mense gelok' 'n mens dink. Daar kan ook iets soos demokratisering van gebed plaasvind. Een van die nuutgevonde en besonder gewilde slagspreuke van ons tyd is: ons stem met ons voete. Daarmee word bedoel: getalle praat.

Demokrasie. Die volk sê sy sê, en dit durf nie geignoreer word nie. Tel die voete, deel deur twee – en jy weet wat die volk wil. Dit is seer seker nie uitgesluit dat daar ook met die voete gebed word nie. Die syfer van 45 000 praat.

Met hierdie enkele verwysing na die waarneming van 'n joernalis word daar geensins afbreuk aan die noodsaak van gesamentlike verootmoediging en gebed gedoen nie. Daar word wel ernstig gepleit vir suiwer motiewe en doelstellings. In die verlede het dit menigmaal gebeur dat daar biddae in tye van droogte gehou is, maar 'n dankdag vir reën en 'n goeie oes het nie op 'n soortgelyk georganiseerde wyse voorgekom nie.

Christus beveel ons: 'gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde' (Matteus 6:6). In dieselfde asem waarsku Christus ernstig teen demonstrasies op straathoeke en in sinagoges. Die Vader wat die gebede ontvang en verhoor kyk in die hart van die bidder(s).

## INHOUD

- |   |   |   |  |    |   |
|---|---|---|--|----|---|
| 1 | Redaksioneel<br><b>Met die voete bid</b>  | 4 | <b>Ekumenies Gereformeerd –<br/>belig uit die Ou Testament</b><br><i>Prof PP Krüger</i>                      | 14 | <b>Die diachroniese uitleef van<br/>ekumenisiteit as herstel van 'n<br/>Bybelse perspektief op tyd</b><br><i>Ds E Kayayan</i> |
| 2 | Skrifoorndenking<br><b>Pinksterfees is liefdesfees</b><br><i>Dr AH Bogaards</i> | 8 | <b>Ekumenies Gereformeerd –<br/>ons roeping belig vanuit<br/>die Nuwe Testament</b><br><i>Ds HLJ Momberg</i> | 18 | <b>Respons – twee diachroniese lyne</b><br><i>Prof RM Britz</i>   |

Buitendien: een man het gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op aarde drie jaar en ses maande nie gereën nie. En hy het weer gebid, hy alleen. Die hemel het reën

gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit (Jakobus 5:17-18).

Ons durf nie met voete bid nie. Daar moet uit geloof gebid word.

As die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind (Lukas 18:8)?

GJM

## SKRIFOORDENKING

Dr AH Bogaards, Pretoria - Rooiwal

# Pinksterfees is liefdesfees

### Lees: Romeine 5:1-11

**... en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.**

Ons kan Pinkster in een woord beskryf: Liefdesfees.

Pinkster is die fees van God die Vader se oorvloedige liefde in Christus. Pinkster is die fees van die Heilige Gees, wat ons aan hierdie oorvloedige liefde laat deel. Pinkster is dus beslis nie net fees van die Heilige Gees nie, maar voluit fees van God Drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees.

### God die Vader skenk 'n oorvloed van liefde

By die herdenking van Pinkster mag ons daaraan dink dat die liefde van God in ons harte *uitgestort* is. So stel Paulus dit in ons teksvers. Dit is diep aangrypend hoe dit daar staan: Die liefde van God die Vader is in ons harte *uitgestort*.

Die woord uitstort sê vir ons alles oor die grootheid van hierdie liefde. Dit beskryf die oorvloed. Die liefde van God kom nie in druppeltjies of stroompies nie. Die liefde van God is nie 'n traag voortvloeiende spruitjie of riviertjie nie. Dit is 'n geweldige, bruisende stroom. Op Pinksterdag het die Vader die sluise van die hemel oopgetrek en ons het die magtige stroom van sy liefde ontvang. Die liefde van God is uitgestort – dit wys op die oorvloed en die krag. Die liefde van God het ons

vervul en in beslag geneem. Op Pinksterdag het die Vader ons 'n oorvloed, 'n oseaan van liefde geskenk.

Die stroom van God se liefde vervul ons hart, hierdie hart van ons wat dikwels so vol verdriet en kommer en vroe is; die hart wat soms so kan twyfel oor die liefde van die Vader. Op Pinksterdag word die rykdom van God se liefde ten toon gestel, sodat ons nooit meer hoef te twyfel nie en sodat ons ons dag vir dag in die stroom van sy liefde kan troos en verkwik.

### God skenk 'n oorvloed van liefde in Christus

Wat is hierdie liefde presies? Waar sien ons dit?

Daar is geen beter kommentaar as die Bybel self nie. Niemand kan hierdie uitdrukking 'die liefde van God' beter vir ons uitlê en verklaar as die Here self nie. Ons hoef ook nie eens ver te soek in ons Bybels nie. Net drie verse verder kom die liefde van God weereens ter sprake, want in vers 8 lees ons: 'God bewys sy liefde'. Hy demonstreer sy liefde; Hy stel dit ten toon; Hy laat dit sien.

In die vervolg van vers 8 sê die apostel presies waar God sy liefde bewys het: 'God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sonde was'. Golgota is God se demonstrasie van sy liefde vir ons. Die kruis is die hoogste bewys van sy liefde (vergelyk Johannes 3:16; 1 Johannes 4:9-10).

Wat is so buitengewoon en besonder aan hierdie liefde? God het dit bewys aan mense wat Hom nie liefgehad het nie. Iemand sê êrens: God gee die allerbeste vir die allerslegste. Hy skenk die allerbeste. Hy gee sy eie Seun in die diepte van die ewige dood. Die allerbeste gee Hy vir die allerslegste – vir goddeloses, sondears, vyande, vir mense wat dit hoegenaamd nie verdien het en wat dit in geen enkele opsig waardig was nie.

Dit is die heerlike van die evangelie. Die Seun van God het nie kom sterf vir mense wat so vroom en wonderlik was nie, maar Hy het gekom om sondears salig te maak. Vir mense wat *niks* kon gee, *niks* van hulle kant wou gee nie, ook *niks* gehad het om te gee nie, vir sulke mense het God *alles* gegee: sy dierbare Seun.

God se liefde is daad. Die daad van Christus se lyding, sterwe en opstanding is sy grootste liefdesdaad jeens ons. Dit is die stroom van sy liefde, wat Hy op Pinksterdag in ons uitstort.

### God skenk hierdie oorvloed van liefde deur die Gees van Pinkster

Wat het God se liefdesgeskenk op Golgota nou eintlik te make met die liefdesfees van Pinkster? Watter verband is daar tussen die fees van Paas en die Pinksterfees? Is Paasfees dan nie die fees van Christus en sy kruis en opstanding en Pinkster aan die ander kant

die fees van die Heilige Gees wat op die kerk uitgestort is nie? Eenvoudiger gestel: Moet 'n dominee nie liewer met Pase preek oor Christus en sy lyding en met Pinkster konsentreer op die Heilige Gees en sy werk nie?

Om hierdie vrae te kan beantwoord, moet ons na Handeling 2 gaan. Daar kry ons die geskiedenis van die uitstorting van die Heilige Gees. Die heel eerste wat gebeur het nadat die Heilige Gees uitgestort is, is dat Petrus opgestaan en gepreek het. Dit vind u miskien nie so vreemd nie, maar weet u wat is nou so merkwaardig as ons na die inhoud van Petrus se Pinksterpreek gaan kyk? Petrus preek 'n Goeie-Vrydag-preek op Pinksterdag – 'n Paaspreek op die dag van die uitstorting van die Heilige Gees. Wat meer is, ons het hier nie maar net 'n preek van die apostel, die mens Petrus nie. Intendeel, dit is 'n preek geïnspireer deur die Heilige Gees. Die Gees van God beklim die preekstoel en lewer by monde van Petrus die eerste Pinksterpreek in die kerkgeskiedenis. Wanneer Petrus daarom op daardie eerste Pinksterdag in sy preek so 'n vername plek aan die Paasgeskiedenis gee, dan doen hy dit nie uit homself nie, maar die Heilige Gees dryf hom om dit te doen. Die Gees self lê die intiemste band tussen Pase en Pinkster.

Aan die hand van drie punte kan die verband tussen Pase en Pinkster aangewys word:

- Eerstens: Deur die Heilige Gees word die oorvloedige liefde van God in ons hart uitgestort.

Dit is nie goed genoeg dat ons weet van die kruis van Golgota en van die oop graf van ons Heiland nie. Ons moet dit ook glo. Hierdie groot liefdesdaad van die Vader moet in ons hart wees. Die kruis van ons Here Jesus moet nie alleen ingeplant staan in die grond van Golgota nie, maar ook in die grond van ons hart. Dit is egter die probleem. Van nature is ons hart toe vir die evangelie. Ons is blind vir die liefde van God. Ons glo dit nie.

Ons het die Heilige Gees nodig. Hy open ons harte om te glo. Hy plant die kruis in ons hart. Hy open ons oë om die oorweldigende grootheid van God se liefde in Christus Jesus te sien. Die Gees van Pinkster is die Een wat die Christus van Pase in ons hart indra.

Dit is die geweldige van Pinkster. Ons gee nie ons hart nie, maar dit word gevat. Ons hart word geneem teen wil en dank. Dan stort die Heilige Gees ons harte vol met die liefde van God. Is dit nie geweldig nie? Die liefde van God in ons koue en leë, trotse en harde, eensame en selfgenoegsame, angstige, verlepte en dooie, gebroke en stukkend getrapte, verlore en sondige harte!

- Tweedens: Daar is niks wat die Heilige Gees liewer doen as om Christus aan ons te bring nie.

Juis daarom is die eerste Pinksterpreek in Handeling 2 tot oorlopens toe vol van die kruis en die opstanding van Jesus. Dit is die Heilige Gees se groot werk om brandarm sondaars skatryk te maak met die rykdom van God se liefde in Christus Jesus. Soos iemand ook gesê het: Die Heilige Gees sit vas aan die bloed van Golgota. Die Heilige Gees is die Gees van Christus en Hy wil Christus verheerlik. Die Gees en Christus – die twee mag ons nooit van mekaar losmaak nie.

- Derdens: Die Heilige Gees doen dit deur die prediking van die Woord.

Dit toon die Heilige Gees alreeds op die eerste Pinksterdag. Die eerste wat na die uitstorting van die Heilige Gees gebeur, is dat Petrus begin preek. Die Heilige Gees kom deur die eenvoudige middel van die prediking. Daardeur reik Hy ons God die Vader se liefde aan: die lyding, die sterwe en die opstanding van sy Seun. Deur die prediking van die evangelie van die kruis stort Hy ons harte tot oorlopens toe vol met die liefde van God.

Dit moet ons leer hoe belangrik die prediking ook vandag nog is. Daarvan sing ons in Psalm 65:3 (berymd):

*Ons sal ons in u huis versadig met hoogste gunsbewys: met heil'ge goed wat U milddadig laat stroom uit u paleis.*

## Van die redaksie

Die volgende vier referate is tydens die onlangse byeenkoms van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel gelewer. Tydens die byeenkoms was daar heelwat tyd vir bespreking. Alle vrae rondom ons roeping tot ekumene is verseker nog nie gevra of beantwoord nie. Ons vertrou egter dat die inhoud van die referate vir u 'n raamwerk sal verskaf waarbinne verder oor hierdie onderwerp gedink, gepraat, geskryf en opgetree kan word.

# Ekumenies Gereformeerd - belig uit die Ou Testament

## Inleidende opmerkings

Voordat ek saam met u gaan delf in die rykdom van God se Woord – en veral in die boeke van die Ou Verbond (die Ou Testament), is dit belangrik om eers oor 'n paar sake duidelikheid te kry.

## Ekumenies

Die begrip 'ekumenies' word dikwels in 'n verengde betekenis gebruik om die samewerking tussen verskillende kerkgroeperinge of denominasies aan te dui. Algemene woordeboeke praat selfs van vriendskaplike betrekkinge tussen godsdienste (*Encarta Dictionary*). Nie een van hierdie betekenis is binne ons gesigsveld nie.

- Wat verskillende denominasies betref: Die verskeurdheid van die kerk van die Here, soos ons dit ken, het eers gedurende die kerkgeskiedenis ná die uitstorting van die Heilige Gees ontvou – en veral sedert die kerkhervorming. Ons sal die Ou Testament oorra om daar te soek na samewerking tussen verskillende denominasies. As 'n mens ekumenisiteit sien as gesprek en samewerking tussen denominasies, gaan jy ook van 'n kerkbeskouing uit wat myns insiens vreemd is aan die Skrif en ons belydenis.
- Wat verskillende godsdienste betref: Die profete en 'n boek soos Deuteronomium stel dit telkens as dié groot eis van die verbond, naamlik: Geen ander gode mag gedien word nie. Die ware godsdienst mag selfs nie aangepas word nie. In die Ou Testament is daar nie sprake van toenadering tussen die ware diens aan die Here en valse godsdienste nie. So 'n ekumenisiteit in die Ou Testament is ooreenkomstig die eerste en tweede gebod buite

die kwessie. Konings van Israel wat wel op dié weg gegaan het, word vir ons geteken as ontroue konings wat op die pad van Jerobeam, die seun van Nebat, volhard het. Trouens, ons sal kan sê dat sulke konings ook voortgegaan het op die weg van Salomo, die seun van Dawid!

Dat daar in die Ou-Testamentiese tyd variasies was op die ware diens aan die HERE, is wel so. Naas die amptelike heiligdom in Jerusalem was daar ook elders heiligdomme. Hier praat ons nie van heidense heiligdomme nie, maar van geloofsgemeenskappe in Israel wat die HERE op 'n ander plek en selfs ander wyse wou aanbid. Ons weet daarvan uit die profesieë in die Ou Testament wat daarteen waarsku. Ons weet ook daarvan uit opgrawings, soos dié in Arad, waar 'n heiligdom gevind is baie op die patroon van die tempel in Jerusalem en wat waarskynlik in die diens van die HERE (Jahwe) gebruik is.

Die kalwerdiens wat Jerobeam, seun van Nebat ingestel het, is aanvanklik bedoel om alternatiewe heiligdomme vir die diens aan die HERE daar te stel. Om politieke redes was die burgers van die Noordelike Ryk nie toegelaat om in die tempel in Jerusalem te aanbid nie, omdat laasgenoemde in die Suidelike Ryk geleë was.

Tog kan 'n mens hier nie die term 'ekumenies' gebruik nie. Ons het hier nie te doen met verskillende geloofsgemeenskappe (of denominasies) wat met mekaar samewerking gesoek het nie, maar eerder 'n stryd om die ware diens aan die HERE.

Die begrip 'ekumenies' word in ander voordragte nader belig. Prof Britz gaan veral die ontwikkeling van die begrip na. Met hierdie eerste opmerking het ek alleen

maar geantwoord op misvattinge wat soms ten opsigte van die begrip bestaan.

## Skrifbeskouing

Die opmerking oor die begrip 'ekumenies' hou verband met my tweede opmerking, naamlik wat my uitgangspunte is en meer spesifiek my Skrifbeskouing.

Skrifkritiese teoloë maak dikwels die voorstelling dat daar inderdaad verskillende geloofsgemeenskappe in Israel was. Daar was plaaslike heiligdomme – elk met sy besondere variasie op die diens aan die HERE (Jahwe). Die sentralisering het gekom deur groter samewerking tussen die geloofsgemeenskappe en is veral bevorder deur die sentralisering van politieke mag in Jerusalem in die tyd van Dawid (of selfs later).

Met ander woorde: Wat die boek Deuteronomium in die vooruitsig stel, naamlik dat die HERE een plek sal kies waar sy Naam sal woon, is eintlik 'n terugprojeksie meer as vierhonderd jaar later – vanuit die tyd van die ballingskap (of daarna). Volgens Skrifkritiese teoloë was daar nie 'n oorspronklike eenheid nie, maar het die volk tot eenheid *saamgegroe*i en het ook die diens aan die HERE tot 'n eenheid *gegroe*i. Dinge het nie gebeur soos dit verhaal word nie, maar het volgens evolusionistiese wyse van eenvoudiger vorme en 'n gedesentraliseerde basis ontwikkel na ingewikkelder vorme en 'n gesentraliseerde aanbidding. Selfs die mens se idee oor wie God is, het ontwikkel.

As dié 'n mens se beskouing is, kan jy in die Ou Testament 'n tipiese ekumeniese beweging bespeur – waar verskillende geloofsgemeenskappe saamwerk en uiteindelik saamvloei.

Om so 'n siening te huldig moet 'n mens in 'n sekere sin die Ou Testament herskryf. Jy neem as uitgangspunt dat die historiese volgorde wat die Ou Testament voorstel, onjuis is. Jy aanvaar ook dat die Ou Testament veel eerder vir ons 'n kykie gee oor hoe *mense* oor God gedink het as dat dit *God* se openbaring aan ons is.

Hierteenoor neem ek as vertrekpunt dat die Bybel (dus ook die Ou Testament) God se *openbaring* aan sy volk is. Wanneer ons gaan kyk na wat die Ou Testament oor die ekumene sê, neem ons as uitgangspunt die openbaringsgeskiedenis, of meer bepaald die heilsgeskiedenis, soos dit op die bladsye van die Ou Testament ontvou.

## Wêreldwyd

Ekumenies beteken in sy mees algemene sin: dit wat universeel is, dit wat wêreldwyd is. Die woord kom uit Laat-Latyn, wat weer teruggaan op 'n Laat-Griekse woord met die betekenis: die bewoonde (dit is: die bewoonde wêreld). Dat 'n mens die woord verder kan terugvoer na die Griekse woord vir huis (*oikos*) is meer interessant as wat dit ons verder kan help.

Algemeen, wêreldwyd – en dan spesifiek toegepas op godsdiensgroepe en veral kerke. Ons ekumeniese roeping sal dan beteken dat ons 'n oog het op die wêreld, op God se koninkryk wêreldwyd. Dit beteken dat daar kontak sal wees met gelowiges buite ons eie kerklike gemeenskap en selfs met ander kerkgemeenskappe wat die naam 'kerk' dra.

Ekumenies wil sê dat ons as kerk van die Here onself nie isoleer en terugtrek nie – spesifiek (isoleer) van christene wat nie heeltemal dieselfde as ons glo en bely nie – of hierdie christene hier te lande of op ander plekke woon.

- Ekumenies sê meer as dat ons 'n noue band onderhou met kerke in ander lande wat werklik dieselfde as ons glo en bely. Met sulke gelowiges onderhou ons kerklike eenheid.

- Aan die ander kant is ekumenies ook nie bloot ons sendingroeping nie – dat ons sonder onderskeid die evangelie verkondig, ook aan heidene, met die oproep tot geloof en bekering. Ekumenies is 'n spesifieke betrokkenheid by ander mense wat Christus bely en waar ons na hulle toe uitreik en kontak soek, sonder om werklik ons eie identiteit, ons eie aard, ons eie belydenis te versaak.

Kyk ons na die Ou Testament, is dit moeilik om tussen Israel se ekumeniese roeping en sy sendingroeping te onderskei. Die twee val in die Ou Bedeling feitlik heeltemal saam, want buite Israel kan 'n mens jou beswaarlik ware gelowiges voorstel. Dié wat buite Israel tot die geloof geroep is, se pad word na Israel gelei.

Die vraag is nou: Watter lig gee die Ou Testament vir ons op ons wêreldwye roeping – op ons uitreik na gelowiges buite ons kring?

Ons kan drie lyne in die Ou Testament onderskei:

- Wêreldwye bewustheid
- Wêreldwye roeping
- Wêreldwye betrokkenheid

## Wêreldwye bewustheid

Die kanon van die Ou Testament – die Ou-Testamentiese boeke soos ons dit in ons Bybel ken – word omraam met 'n wêreldwye bewustheid, 'n wêreldwye perspektief. Hierdie wye perspektief is 'n voorwaarde om ook wyd te kan uitreik.

- Die Ou Testament begin met Genesis 1, wat gaan oor die skepping van hemel en aarde, asook die hele mensheid, wat manlik en vroulik en na God se beeld en gelykenis geskep is. Die daaropvolgende hoofstukke beklemtoon deur die skeppingsberig in Genesis 2 en die geslagsregisters dat alle mense van een mensepaar afstam, of soos Paulus die Atheners in die Areopagus herinner: uit een bloed het Hy alle nasies gemaak (Handelinge

17:26). Eintlik handel al elf die eerste hoofstukke van Genesis oor die mensheid as geheel. Die uitsig is globaal: die hele bewoonde wêreld. Daar is nog geen verbondsvolk nie, nog geen kerk in die sin dat God uit die hele mensheid 'n groep mense vir hom afsonder nie.

- Die Ou Testament eindig met die sogenaamde skrywende profete (hierdie groep boeke staan in die Joodse rangskikking van die Ou Testament ook bekend as die laat profete en Daniël). In elk van die vier lang en twaalf kort profetiese boeke word daar uitdruklik oor heidennasies gehandel. In die laaste boeke van die Ou Verbond word 'n wyehoek-perspektief op die wêreld gegee. Israel is nie volk van God in isolasie nie, maar staan in verhouding met die res van die wêreld.

Die woord 'nasie' kom meer as 560 keer in die Ou Testament voor, meestal verwysende na heidennasies. As 'n mens die woord 'volk' byreken (en die woord 'volk' word dikwels ook vir heidene gebruik) is die aantal verwysings na heidennasies in die Ou Testament by die 600. Meer as 300 keer kom dit juis in hierdie laaste boeke van die Ou Testament voor! Afgesien van die *woorde* wat gebruik word, kom die *saak* selfs wyer voor. 'n Voorbeeld is die boek Jona, waar dit gaan oor Israel en die heidennasies, sonder dat die woord 'nasie' een keer voorkom.

In die laaste boek van die Ou Testament kom hierdie bewustheid van die heidennasies op 'n besondere manier uit as Maleagi die volk herinner: 'van die opgang van die son tot sy ondergang toe is my Naam groot onder die heidene; en in elke plek word tot eer van my Naam reukwerk gebring en 'n rein offer; want my Naam is groot onder die heidene, sê die HERE van die leërskaar' (Maleagi 1:11).

Ook in die *middel* van die Ou Testament is daar 'n bewustheid van en selfs 'n gerigtheid op die wye wêreld. In die boek Psalms lees ons baie van die 'nasies' – 50 maal! Gewoonlik word die woord

in slegte sin gebruik. Die nasies is die mense wat afgode aanbid (Psalm 135:15), wat die Godsvolk verdruk (Psalm 44:11, 14) en wat onder die HERE se oordeel staan (Psalm 9:16; 46:6, ensovoorts). Die Psalmdigters wil die HERE ook loof voor die nasies (Psalm 18:50; 57:10; 108:4), voor die nasies van die HERE se daade vertel (Psalm 105:1) sodat hulle ook die HERE sal vrees (Psalm 102:16) en daar onder die nasies gesê word: 'Die HERE het groot dinge gedoen' (Psalm 126:3). Juis die Psalms, wat dikwels gaan oor ons binnekamergodsdiens, het vensters oop na die hele wêreld. In die boek Psalms word ook die woord 'volke' gebruik om heidennasies aan te dui. Hebreeus gebruik in sy poësie die sinsparallelisme, waar twee dele van 'n sin dieselfde sê, maar in verskillende woorde. So word 'nasie' en 'volk' dikwels in parallelle gedeeltes, as sinonieme van mekaar, gebruik. Die patroon wanneer van 'volke' gepraat word is dieselfde as wanneer daar van 'nasies' gepraat word, naamlik dat Israel sy klaag- en lofsange tot die HERE voor die volke van die aarde sing! Psalm 117 is daarvan 'n sprekende voorbeeld:

*LOOF die Here, alle nasies!  
Prys Hom, alle volke!  
Want sy goedertierenheid  
is geweldig oor ons,  
en die trou van die Here  
is tot in ewigheid.*

## Wêreldwye roeping

Israel was nie net bewus van 'n wêreld buite hulle eie klein wêreld nie en het hulle nie net in hulle liedere en profesieë tot hierdie volke gerig nie. Israel het ook geweet dat hulle daar is vir die wêreld. Hulle het geweet dat die nasies se toekoms aan hulle, God se eiendom, verbonde is. Hulle het die beloftes gehad dat hulle, wat die heil betref, die voorlopers en die kanaal vir die ander nasies is.

Reeds toe God met 'n eiendomsvolk begin het – by die roeping van Abraham – beklemtoon die HERE: 'In jou sal al die volke van die aarde geseën word'.

Die profete het hierdie roeping van Israel oor en oor beklemtoon. Dit kom veral na vore by Jesaja. Israel is bestem as 'banier van die volke' (Jesaja 11:10), as Kneg van die HERE wat lig vir die nasies bring, sodat die redding wat die HERE bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik (Jesaja 49:12). '... nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang. Slaan jou oë rondom op en kyk – hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra' (Jesaja 60:3-4).

Die HERE roep nasies na Hom toe – en Hy wat Here is, het 'n adres op aarde, naamlik die volk Israel. Dit gaan hier dus oor mense in wie die Here die geloof sal werk en hulle sal die heil by Israel kom soek. Deur Israel wil God vorentoe groot dinge in hierdie wêreld doen. Hierdie boodskap loop soos 'n refrein deur die ander profetiese boeke. Ek noem twee voorbeelde:

- Jeremia 16:19 (NAB): 'Here, my Sterkte, my Beskermer, my Toevlug in tyd van nood, na U toe sal die nasies kom van die uithoeke van die aarde af ...'
- Sagaria 8:22-23: 'So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die Here van die leërskaars in Jerusalem te soek en die aangesig van die Here om genade te smeek. So sê die Here van die leërskaars: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is.'

Ek kan nie dink aan nog 'n plek in die Ou Testament waar dit so duidelik uitkom dat die HERE ook onder heidennasies sy kinders bymekaar wil maak nie, as Psalm 87: 'Ek wil Rahab en Babel vermeld onder hulle wat My ken; kyk, Filistea en Tirus saam met Kus – hierdie een is daar gebore. En van Sion sal gesê word: Man vir man is daarin gebore, en Hy, die Allerhoogste, hou dit in stand. Die HERE sal tel as Hy die volke opskrywe: Hierdie een is daar gebore'.

Of soos dit berym is:

*O koninklike stad,  
maak wyd jou woning:  
God self wil jou laat groei  
op grootser wys ... (vers 2)*

*Die HEER self skryf hul op,  
die duisendtalle,  
een-een, gebore uit die volkeskaar;  
en singend, juigend klink  
die lofstem daar:  
Ons heilsfontein stroom neer  
uit Sions walle! (vers 5)*

Ek gaan nie op die betekenis van hierdie profetiese uitsprake in nie. Hierdie uitsprake word verskillend deur Skrifverklaarders verstaan:

- Volgens sommige is dit vervul toe Christus sy dissipels uitgestuur en hulle die oes uit die heidennasies begin inbring het. Die heidennasies (as wilde olyf) is in Israel (die mak olyf) ingeënt (Romeine 11). Geestelik kom hulle dus na Israel en na Jerusalem.
- Ander wag nog vir 'n toekomstige vervulling wanneer Jerusalem en die oorblyfsel van Israel (die Jode) 'n besondere rol in die wêreldgeskiedenis gaan speel. Hierdie siening hang gewoonlik saam met die siening dat daar 'n duisendjarige vredeeryk kom (die millennium).
- 'n Mens sou ook kon sê dat Israel en Jerusalem staan vir God se volk van alle tye en dat die kerk van die Nuwe Testament die plek is waarheen God almal – uit alle hoeke van die aarde – wil versamel.

## Wêreldwye betrokkenheid

Roeping is natuurlik iets wat jy nie noodwendig opvolg nie. Israel het geweet dat hy daar is vir die nasies, maar het self nie veel gedoen om banier vir die volke en lig vir die nasies te wees nie.

- Die boek Jona wys daarop dat Israel sy roeping versaak het.
- Aan die ander kant was die tyd in God se raadsplan nog nie ryp dat die heil, die redding, deur Israel na die nasies toe uitgaan nie. Daarvoor moes die Messias eers kom.

- God het ook 'n besondere patroon in die Ou Verbond gehad as dit kom by Israel se wêreldwye betrokkenheid. Ons kan van 'n eb en vloeï van ekumenisiteit praat of van 'n toemaak en 'n oopmaak. Dit is deel van God se heilse ekonomie in die Ou Bedeling.

Israel se volksgeskiedenis – of kom ons sê die kerk van die Ou Bedeling – begin deurdat die HERE sy volk isoleer. Krag lê in isolasie. Na die uittoeg uit Egipte het God sy volk in die woestyn geïsoleer. Die isolasie het ook daarin bestaan dat vermenging met die heidennasies verbode was: 'Geen baster mag in die vergadering van die HERE kom nie; selfs sy tiende geslag mag in die vergadering van die HERE nie kom nie. Geen Ammoniet of Moabiet mag in die vergadering van die HERE kom nie; selfs hulle tiende geslag mag nooit in die vergadering van die HERE kom nie ...' (Deuteronomium 23:2-3).

Verder moes die heidene van die land Kanaän uitgeroei word. Die nie-Israeliete in die land moes met die banvloek getref word. In die tyd van die rigters was die wêreldpolitiek sodanig dat Israel feitlik in isolasie van die groot wêreldmagte, met hulle sterk heidense kultuur, voortbestaan het. In die land self was daar wel elke nou en dan 'n plaaslike groep (of nabygeleë volk) wat Israel onderdruk het. Dit is asof Israel van die wêreldtoneel verdwyn. Die HERE plaas sy volk in isolasie, sodat hulle Hom reg leer ken en dien.

Die tyd ná die ballingskap was ook 'n tyd van isolasie omdat die Judese nedersetting in Jerusalem – die mense wat teruggekeer het – baie kwesbaar was. In die boeke Esra en Nehemia is daar byvoorbeeld 'n sterk afwysing van vroue van vreemde oorsprong en teenoor nie-Jode in die algemeen.

Ek glo nie dat ons, soos die Skrifkritiese teoloë, die isolasie-uitsprake moet sien as latere invoegings in die Bybel uit die tyd toe Israel moes veg om oorlewing nie. Dit was eerder dat die HERE 'n tyd van isolasie vir sy volk beskik het, sodat hulle werklik 'n eie

karakter, 'n eie aard as volk van die HERE kan ontwikkel.

Ons lees egter ook in die Ou Testament van tye wat daar oopgemaak is.

- Daar was geseënde huwelike met nie-Israeliete, waarvan die bekendste voorbeelde seker dié van Ragab en Rut is.
- Die boek Jona is 'n getuïenis dat Israel daar is om aan die nasies God se heil te verkondig.
- In die ballingskap leer die volk om teenoor die heidene die ware God se heerskappy te bely. Die getuïenis van Israel strek tot selfs in die paleise van heidenkonings, soos blyk uit die boeke Daniël, Nehemia en Ester.

Nasionalisme en partikularisme het egter aan die einde van die Ou Testament toegesak. Ek praat hier spesifiek van die einde van die Ou Testament en nie van die tyd tussen die Ou Testament en Nuwe Testament nie, want die Ou Testament (as Ou Bedeling) het eers werklik geëindig toe die voorhangsel van die allerheiligste geskeur het, toe die Messias gesterf het en as Oorwinnaar opgestaan het. Wat het gebeur tussen die laaste profetiese uitspraak van die Ou Testament en die optrede van die grootste profeet van die Ou Verbond, naamlik Johannes die Doper?

Om verskeie redes, onder andere die onderdrukking van die volk deur die Seleusiede (meer spesifiek onder Antiochus Epifanes) en die Makkabeëroopstande, het 'n Joodse nasionalisme ontwikkel. 'n Aardse bevryder, 'n Joodse vryheidsvegter is as Messias verwag. Geledere is gesluit en mense wat verskil het van die eng Fariseïstiese beskouings is afgewys. Dit aan die een kant: nasionalisme en partikularisme. Tydens Jesus se omwandeling kry ons in Palestina Joodse groeperinge soos die Fariseërs, Sadduseërs en Esseners, wat afwysend teenoor mekaar staan. Van ekumenisiteit is daar min sprake, buiten dat daar tussen die Jode in Palestina en die sinagoge van die Jode in

verstrooiing tog 'n band onderhou is. Hierdie band is veral onderhou op grond van die feit dat Jode vir godsdienstige feeste van heinde en ver na die tempel in Jerusalem gekom het. Dit was 'n Joods-interne band. Ek twyfel of 'n mens hier van ekumenisiteit kan praat.

Daar is egter ook 'n ander ontwikkeling onder die Jode, veral onder dié in die verstrooiing (die diaspora). Baie Jode wat tussen die heidene gewoon het, het vergrieks. Daar was meer Jode buite Palestina as binne Palestina, veral in Egipte (Alexandrië) en Klein-Asië. Hierdie Jode het daagliks kontak gehad met mense van ander godsdienste en het wyer gekyk. Dikwels was daar rondom die sinagoge ook 'n groep mense wat die Joodse geloof in breë trekke aanvaar het, sonder om self Jode te word. Hulle was die sogenaamde Jodegenote of godvresendes, waarvan ons in die Nuwe-Testamentiese boeke lees (Handelinge 2:10; 10:2, 22; 13:16, 43; 17:4, 17). Dit is asof die HERE die deur tog op 'n skrefie oopgemaak het, hier aan die einde van die Ou Bedeling, sodat die christelike kerk ná Pinkster baie gou wêreldwyd (ekumenies) sou kon funksioneer.

God werk verskillend in verskillende tye en omstandighede van die Ou Bedeling. Daar is 'n ekonomie in God se handelinge as dit gaan oor uitlewing van 'n wêreldwye betrokkenheid. Israel is anders as al die volke, maar is ook daar vir die ander volke. Soms word Israel geïsoleer en soms tree Israel (of dan individuele Israeliete) na buite as lig vir die nasies, banier vir die volke.

In die geheel genome, verskil die Ou Verbond van die Nuwe Verbond. Voor Christus kóm mense na die ware kerk. Ná Christus (of eerder, in die jare van ons HERE) is die kerk van die HERE geroepe om uit te reik, te soek en te gaan haal. Dit is of die poorte van Jerusalem oopgegooi word – nie net vir ander wat tot geloof geroep is om in te kom nie, maar ook vir die ware gelowige om uit te gaan en kinders van Sion te gaan haal.



## Slotsom

Wat kan ons uit die Ou Testament leer oor ons ekumeniese roeping as Gereformeerdes?

- Van die begin af was daar 'n wêreldwye bewustheid en uitsig by die volk van God. Daar was egter tye waar die volk geïsoleerd begin lewe het, veral in die tyd van volkswording (die Rigtertyd en vroeë Koningstyd) en tyd van bedreiging (byvoorbeeld die Makkabeërtyd).
- Wêreldwye betrokkenheid (uitlewing van 'n ekumeniese roeping) het egter grootliks gewag tot die volheid in Christus aangebreek het. Israel het gelewe in die tyd toe God sy heil spesifiek uitgewerk het deur die volk Israel – die gelowiges uit die nageslag van Abraham en hier en daar 'n individu wat hom/haar by hierdie nageslag geskaar het.
- In die Ou Bedeling was daar wisselende betrokkenheid van God se kinders by die wye wêreld, by mense buite die verbond. Of 'n mens hierdie eb en vloeï in ekumeniese betrokkenheid net so op die Nuwe-Testamentiese kerk kan oorbring, betwyfel ek. Ons kan nie sê nie: soms moet ons

geledere sluit en soms moet ons kontakte buite ons kring soek; soms is ons te swak en soms is ons sterk. Ons leef immers uit die krag van die Heilige Gees, wat aan die kerk en elke ware gelowige gegee is om in ons te woon en wat ons oortuig van die Vleesgeworde Woord en die Skrifgeworde Woord. Vanuit sý krag durf ons en móét ons altyd ekumenies betrokke wees, sonder die vrees dat ons spesifiek daardeur iets sal inboet van wat ons glo en bely. As ons werklik seker is van ons belydenis, is gelowiges wat 'n breër siening het nie vir ons 'n bedreiging nie, maar eerder 'n geleentheid.

Ds **HLJ Momberg**, Pretoria - Die Kandelaar

# Ekumenies Gereformeerd - ons roeping belig vanuit die Nuwe Testament

Die uitdrukking ekumenies – as 'n beskrywing van die geestelike band van al die kerke wêreldwyd – vind ons nie presies so in die Nuwe Testament terug nie. Tog kry ons wel die besondere woord *oikoumené* (die bewoonde wêreld) 15 keer in die Nuwe Testament – hoofsaaklik in die evangeliebeskrywing van Lukas (8 keer) en in Openbaring (3 keer). Dit is oor die algemeen gebruik om die wêreldheerskappy van 'n politieke maghebber uit te druk, soos byvoorbeeld in Lukas 2:1 waar keiser Augustus verorden het om 'n sensus van die hele *oikoumené*, dit is al die gebiede waaroor hy geregeer het, te hou. Hierdie term is dus 'n tipiese koninkryksterm en as sodanig slegs gebruiklik vir die sogenaamde wêreldheerskappyvoorders. So het dit in Openbaring 3:10, 12:9 en 16:14 waarskynlik 'n politieke konnotasie deurdat die *oikoumené* die bewoonde wêreld is wat byvoorbeeld vanweë politieke

en godsdienstige redes onder die Satan moet ly. In die Nuwe Testament word ekumenies nie soseer gebruik om die gemeenskap van die gelowiges oor die hele wêreld uit te druk nie, maar merendeels die heidense Grieks-Romeinse koninkryk wat deur die magte van die duisternis bedreig sou word. Dit sluit egter nie die ekumene uit as die gebied waarin die kerk haar werk moet verrig nie. Die kerk leef in die wêreld waarin hulle die getuies van die Here Jesus moet wees – die Een wat volgens Hebreërs as die Eersgeborene in hierdie ekumene gebring is en wat daarom die eintlike wettige Heerser is<sup>1</sup>. Ek wil nou poog om die tema van ons roeping binne die gereformeerde ekumene vanuit die Nuwe Testament aan die hand van die volgende afdelings te belig:

- Die gebruik van die term 'ekumenies' in die Nuwe Testament.

- Die grondslag van die ekumene soos Jesus dit in die evangelies gelê het.
- Die loodsing van die Nuwe-Testamentiese ekumene met Pinkster.
- Die uitbou van die Nuwe-Testamentiese ekumene deur sending onder die heidene.
- Ons ekumeniese roeping.

## Die gebruik van die term ekumenies in die Nuwe Testament

Hierdie term is vir die eerste keer amptelik in verband met die kerk gebruik in die jaar 381 op die konsilie van Konstantinopel, waar gepraat is van die ekumeniese sinode van Nicea van 325<sup>2</sup>.

Hierdie uitdrukking is dus juis van toepassing op die magsgebied onder die mense waaroor Christus as Koning



aangestel is. 'Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde ... gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ...' (Matteus 28:18-20). In verband met Christus se heerskappy oor 'n nuwe bewoonde wêreld stel die Hebreërbriëfskrywer: 'Want aan die engele het Hy die toekomstige wêreld - την οικουμένην την μελλουσαν, die toekomstige ekumene - waarvan ons spreek, nie onderwerp nie; maar iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie; maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak' (Hebreërs 2:5-9).

Die Here vergader sy gemeente op grond van die welbehag van sy wil (Efesiërs 1:4, 5). Die roeping wat deur die evangelieverkondiging uitgaan is 'n kragtige en herskeppende werking van die Heilige Gees waardeur mense tot die kerk toegevoeg word – in Jerusalem, in Judea, in Samaria, in die provinsie Galasië, in Klein-Asië, tot aan die uiteindes van die aarde. So is die kerk uit die leer van die Nuwe Testament 'n vergadering van gelowiges, plaaslik en wêreldwyd. Hierdie vergadering word op 'n besondere manier met gebruik van verskillende beelde as 'n eenheid aangedui:

- Sy is die bruid van Christus, die één liggaam van Christus (1 Korintiërs 10:17; Efesiërs 1:23; 4:4; Openbaring 21:2, 9).
- Die woning van die Here, die één huis van God (1 Timoteus 3:15; Hebreërs 10:21; 1 Petrus 4:17).
- Hierdie eenheid is 'n organiese eenheid - die liggaam groei vanuit die hoof en alle ledemate vorm die liggaam van Christus

(Efesiërs 1:22; 4:15; 5:23; Kolossense 1:18).

- Die gelowiges vorm saam één kudde en één Herder (Johannes 10:16).
- Dit is ook één liggaam, en één Gees, geroepe tot die één hoop, één Here, één geloof, één doop (Efesiërs 4:4, 5).

Waar alle gelowiges die gemeenskaplike geestelike band met mekaar het deur hulle geloof in Christus, word hierdie gemeenskaplike geestelike band ook tot uitdrukking gebring in die be-oefening van die gemeenskapsband op verskillende vlakke. Eerstens in die plaaslike gemeente waar die gelowiges gereeld saamkom en saamleef, maar ook deur die kontakte van lidmate met lidmate van ander gemeentes asook van gemeentes met ander gemeentes. Met die oog op hierdie gemeenskapsbelevens, is die mees algemene woord wat in die Nuwe Testament vir die kerk gebruik word *ekklesia* (die mense wat uitgeroep is). Dit is egter merkwaardig dat hierdie term baie selde gebruik word vir die algemene kerk en haar eenheid. Van die 110 keer wat die woord voorkom, is dit vir nie minder nie as 100 keer nie die eenheid van die algemene kerk nie, maar die plaaslike gemeente, of 'n huisgemeente, of 'n aantal gemeentes in 'n provinsie. Met die uitsondering van Matteus 16:18 word die woord *ekklesia*, in die sin van die algemene kerk, slegs deur Paulus in die briewe aan Efese en Kolosse gebruik.

Die woord *ekklesia* word in die enkelvoud en met lidwoord gebruik om te praat van:

- die gemeente van Jerusalem – toe daar nog geen ander gemeentes was nie (Handelinge 5:11; 8:1, 3; Galasiërs 1:13; 1 Korintiërs 15:9; Filippense 3: 6)
- die plaaslike kerk van Jerusalem (Handelinge 11:22; 12:1, 5; 15:4)
- Tessalonika (1 Tessalonisense 1:1; 2 Tessalonisense 1:1)
- Korinte (1 Korintiërs 1:2; 6:4;

14:12, 23; 2 Korintiërs 1:1; Romeine 16:23)

- Kenchreë (Romeine 16:1)
- Laodicea (Kolossense 4:16)
- Antiochië (Handelinge 11:26; 13:1; 14:27; 15:3)
- elkeen van die 7 kerke van Klein-Asië (Openbaring 2 en 3)
- Efese (Handelinge 20:17; 1 Timoteus 5:16)
- Cesarea (Handelinge 18:22)
- 'n plaaslike gemeente (Jakobus 5:14; 3 Johannes:9, 10)
- die vergadering van 'n plaaslike gemeente (Handelinge 15:22; 1 Korintiërs 14:23)
- 'n huisgemeente -
  - te Rome (Romeine 16:5)
  - te Efese (1 Korintiërs 16:19)
  - te Kolosse (Kolossense 4:15; Filemon:2)
- en ook van die kerk in 'n bepaalde landstreek (Handelinge 19:31)

Die woord *ekklesia* in die enkelvoud, sonder die lidwoord, word gebruik om aan te dui:

- elke kerk/gemeente in 'n bepaalde streek (Handelinge 14:23)
- 'n plaaslike kerk/gemeente (1 Korintiërs 4:17; 14:4; Filippense 4:15)
- die vergadering van die plaaslike kerk/gemeente (1 Korintiërs 11:18; 14:19, 35; 3 Johannes:6)

Die woord *ekklesia* in die meervoud word gebruik om aan te toon:

- die som van die plaaslike kerke/gemeentes in:
  - Judea (Galasiërs 1:22; 1 Tessalonisense 2:14)
  - Galasië (1 Korintiërs 16:1; Galasiërs 1:2)
  - Sirië en Cilicië (Handelinge 15:41)
  - Derbe en Listre (Handelinge 16:5)
  - Macedonië (2 Korintiërs 8:1)

– Asië (1 Korintiërs 16:19;  
Openbaring 1:4, 11, 20; 2:7,  
11, 17, 29; 3:6, 13, 22; 22:16)

- ‘n onbepaalde aantal kerke (Romeine 16:4, 16; 2 Korintiërs 8:23, 24; 11: 8, 28)
- die geheel van al die plaaslike kerke (1 Korintiërs 7:17; 11:16; 14:33; 2 Korintiërs 12:13; 2 Tessalonisense 1:4)
- die vergaderinge van alle plaaslike kerke (1 Korintiërs 14:34)

Die woord *ekklesia* word in die enkelvoud gebruik om aan te dui:

- die een algemene kerk soos verteenwoordig in die plaaslike kerke (Handelinge 20:28; 1 Korintiërs 10:32; 11:22; 12:28; 1 Timoteus 3:5, 15)
- die een algemene christelike kerk (Efesiërs 1:22; 3:10, 21; 5:23, 24, 25, 27, 29, 32; Kolossense 1:18, 24)

Waar die woord *ekklesia* dus deurgaans gebruik word vir die plaaslike kerk, word ook die eenheid van al die kerke daarmee aangedui. Die eenheid van die kerke word ook op ander maniere uitgespreek.

- Die christene is almal broeders, waar hulle ook al gewoon het. Hulle het hulle eenheid in Christus gevind (Galasiërs 1:22; 1 Tessalonisense 2:14).
- Die briewe aan die Korintiërs is vol vermanings om die eenheid plaaslik te bewaar. Hierdie vermanings is gegrond op die eenheid in Christus en in die samehorigheid van al die gemeentes (1 Korintiërs 1: 12, 13; 6:9; 11:16; 14:33, 36; 16:1).
- Paulus het presies dieselfde evangelie aan al die gemeentes verkondig en aan al die gemeentes dieselfde voorskrifte gegee (1 Korintiërs 4:17; 7:17; 11:2, 23; 16:1).
- Paulus het oor hierdie eenheid kragtig uitgespreek dat daar in Christus nie meer Jood of Griek is nie, want almal is één in Christus Jesus (Galasiërs 3:28).

• Die gelowiges staan nie as eenlinge op hulleself nie, maar vorm saam ‘n lewende organisme, waarvan die gelowiges lede van één liggaam is (1 Korintiërs 12:12).

• Die Gees van Christus woon in almal. Die eenheid is nie beperk deur grense van lande of plekke nie. Die christelike kerk is terselfdertyd op baie plekke teenwoordig soos wat Ignatius<sup>3</sup> dit gesê het: ‘Waar Jesus Christus is, daar is die hele kerk’. Die gemeente van Korinte was nie die liggaam van Christus nie, maar ‘liggaam van Christus’ en die afsonderlike lede is lede van die liggaam (in die Griekse teks van 1 Korintiërs 12:27 verskyn die bepaalde lidwoord nie voor ‘liggaam’ nie).

Laasgenoemde was ‘n oorsigtelike ekskursie van die noodsaaklikste woordgebruik in die hele Nuwe Testament. Daarmee is gepoog om aan te toon dat die ekumeniese roeping van die kerk binne die Gereformeerde godsdiens gegrond is op die basis dat daar ‘n Godgegewe band is, wat alle ware gelowiges van alle tye en alle plekke onder die Koning Jesus Christus verenig. Die band het God self in en deur die geloof in Christus Jesus daargestel. Waar ‘n plaaslike gemeente vergader is, is hulle op grond van dieselfde gemeenskaplike band in Christus – gevestig op die fondament wat die apostels gelê het – met ‘n ander gemeente verenig, sodat hulle met mekaar kan meelewe in verskeie sake van gemeenskaplike belang in gehoorsaamheid aan en ter wille van die koningskap van Jesus Christus<sup>4</sup>.

### **Die grondslag van die ekumene soos Jesus dit in die evangelies gelê het**

Die apostel Johannes verwoord die doel van die koms van die Here Jesus Christus op ‘n manier wat ons onmiddellik na die hele bewoonde wêreld, die ekumene, toe neem: ‘Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het,

sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word’ (Johannes 3:16, 17).

Dit is so dat ‘wêreld’ in die Nuwe Testament dikwels ‘n baie ongunstige betekenis het. Wêreld dui dan die totale organiese samestelling van die geskape werklikheid aan, vir sover dit as instrument deur die sonde in beslag geneem en die koninkryk wat Jesus gestig het vyandiggesind is. Dan is wêreld ‘n term wat gebruik word vir die bese (1 Johannes 5:19), wat die duiwel as owerste het (Johannes 14:30; 16:11), wat die god van hierdie eeu is (2 Korintiërs 4:4). Die wêreld ken God nie en daarom ook nie die kinders van God nie (Johannes 17:25; 1 Johannes 3:1), maar die wêreld haat die kinders van God net soos wat dit Jesus gehaat het (Johannes 15:18, 19; 17:14). Daarom moet die wêreld met al sy begeerlikheid bestry en in die geloof oorwin word (1 Johannes 2:15-17; 5:4). In hierdie sin noem Jesus sy dissipels die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld (Matteus 5). Jesus en sy apostels het daarom aangetrokke gevoel tot die armes en eenvoudiges, tot die tollenaars en sondaars.

Die christendom is die godsdiens van die kruis. Die geheimenis van Jesus se lyding is ons middelpunt – so anders as die liefdes en strewes van die bewoonde wêreld. Die slaafse genieting of vrees van die teenswoordige wêreld wat by die Grieke en Romeine te vinde was, word in die christene afgelê (Matteus 6:19-34). Eén enkele begrip soos die Griekse woord *kosmos* (wêreld) laat ons in die Nuwe Testament die kloof sien tussen die christelike en die klassieke lewensbeskouing.

Tog ontbreek die ommekeer nie. Die kruis self werp ‘n skaduwee oor die hele natuur wat in barensnood is vir herskepping (Romeine 8). Oor die kosmos gaan ook die lig van die opstanding

op. Die koninkryk van die hemele is aan die een kant 'n skat in die saailand en 'n pêrel wat van die grootste waarde is wat 'n mens soek en koop met alles wat hy besit. Aan die ander kant is dit ook soos 'n mosterdsaad wat opgroei tot 'n boom waarin die voëls van die hemel hulle neste kom maak en wat soos suurdeeg is wat 'n vrou neem en dit in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is. Dit is die konteks waarin Jesus vir Nikodemus gesê het dat hierdie wêreld wel diep bedorwe en vervloek mag wees, maar juis hierdie sondige wêreld tog die voorwerp van God se liefde is. In Christus het Hy die wêreld weer met Homself versoen en sonde nie toegereken nie (2 Korintiërs 5:19). Hy het die versoening geword nie alleen vir ons sonde nie, maar vir die hele wêreld (1 Johannes 2:2). In Christus is alle dinge in die hemel en op die aarde met God versoen (Kolossense 1:20) en onder Hom word die mense vergader tot één (Efesiërs 1:10). Dieselfde wêreld, wat eens deur die Seun geskape is (Johannes 1:3), is ook vir die Seun as Eersgeborene tot erfenis bestem (Kolossense 1:16; Hebreërs 1:2). Eendag sal al die koninkryke van die wêreld aan onse Here Jesus Christus onderwerp wees (Openbaring 11:15). Daar kom 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, waarin geregtigheid woon (2 Petrus 3:13).

Kragtiger en omvangryker as in hierdie terme kan die volstreekte universalisme van die christendom nie uitgespreek word nie. Dit ken geen grense nie; geen grense van geslag of van leeftyd, van stand of rang, van nasionaliteit of van taal nie (Galasiërs 3:28). Die Evangelie is 'n blye boodskap nie net vir die enkele mens nie, maar ook vir die mensheid, vir die gesin en die maatskappy, die staat, vir die kuns en vir wetenskap, vir die ganse kosmos, die hele sugtende skepping (Romeine 8). Hierin lê ons roeping – om Christus se koningskap op al hierdie terreine te proklameer.

## Die loodsing van die Nuwe-Testamentiese ekumene met Pinkster

Om hierdie evangelie in al sy rykdom en vryheid te kon preek, moes die gemeente teenoor die Jodedom van die Ou Testament aan die een kant en teenoor die verswelgende en bedreigende wêreld van die heidendom aan die ander kant, op 'n vrye bodem kom. 'n Evangelie wat so ryk is skep een nuwe Godsvolk, wat nie meer binne die grense van een nasie en een land vasgehou word nie. Wanneer die dissipels voor sy hemelvaart vir Hom vra wanneer Hy dan die koninkryk vir Israel gaan herstel (Handelinge 1), moet hulle hoor dat hulle sy getuies tot aan die uiterste van die aarde gaan word. In die dood van Christus het die Ou Testament met sy priesters en offers, wet en skaduwee, al die tipologiese en die profetiese werke in Israel, ja Israel self, tot vervulling gekom. Sedertdien strek die hoofskap van Christus oor die ganse mensdom uit: versoening tussen God en mens, hemel en aarde, Jood en heiden, barbaar en Scyth, man en vrou, dienskneg en vryman. Op Pinksterdag is die kerk van die Nuwe Testament gebore: 'n eie selfstandige gemeenskap, onafhanklik van tempel en altaar, van priester en offer; onafhanklik selfs van die voortgesette sigbare verskyning en die liggaamlike teenwoordigheid van Jesus self, in wie die dissipels tot dusver hulle eenheid gevind het, maar Hom van toe af aan nie meer so geken het nie. Johannes preek: 'Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is'. Die 1983-Vertaling laat die bedoeling van die laaste werkwoord nog meer eksplisiet uitkom: 'Ons sal Hom sien soos wat Hy 'werklik' is.

Ja, op Pinksterdag kom 'n nuwe ekumeniese Godsvolk tot stand waar mense uit verskillende streke, verskillende tale en verskillende nasies (*ethnès*) bymekaar is, onder die uitstorting van die een Heilige

Gees kom en die groot daade van God in hulle moedertaal hoor. Dieselfde Petrus wat op Pinksterdag die woord geneem het, skryf sy algemene sendbrief aan alle kerke oor die wêreld verstrooi – in die provinsies Pontus, Galasië, Kappadocië, Asië en Bithinië (1 Petrus 1:1). Hy noem hulle: 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is' (1 Petrus 2:9, 10).

Daarom vermaan hy hulle ook: 'en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus' (1 Petrus 2:5).

## Die uitbou van die Nuwe-Testamentiese ekumene deur sending onder die heidene

Die eerste gemeentes in Judea, Galilea en Samaria was uit die Jode. Kort daarna word Paulus uitgestuur. Op sy eerste sendingreis stig hy gemeentes van christene uit die heidene. Die Joodse eksklusivisme wat daar nog onder baie in die gemeente geleef het en waarvan Petrus eers deur 'n besondere openbaring verlos is, het teen hierdie nuwe verskynsel in verset gekom. Dit was die eerste gevaarlike krisis van die jeugdige christendom. Paulus het die diepe erns van hierdie worsteling ingesien. Dit het gegaan oor die katolesiteit van die gemeente, die vryheid in Christus, oor die universele waardering van die kruis, die rykdom van die genade van God, die regverdigmaking uit die geloof alleen – sonder die werke van die wet. Sou daar nou sommer by die begin van die kerkplanting al klaar 'n skeuring dreig? Skeuring tussen die eksklusiviste en die katolesiste? Sou die eksklusivisme van die valse broeders die oorhand kry oor die katolesiteit van Paulus, waaroor hy in sy briewe as die geopenbaarde

misterie van God roem? Die heidene het mede-erfgename van dieselfde liggaam geword, mede-deelgenote aan dieselfde beloftes in Christus (Efesiërs 3:6). Deur die eenparige beslissing van die apostels is die eenheid en katolesiteit van die kerk op die konvent te Jerusalem gered.

Van die begin af is die eenheid van die gemeentes meer of minder duidelik openbaar. Daar is al meermale beweer dat 'n christelike kerk as één formeel gestruktureerde geheel in die tyd van die apostels nie voorgekom het nie. As ons oor die eenheid aan 'n welomskrewe en geordende verband sou dink soos wat dit in die latere kerk na vore kom, is daar van so 'n soort eenheid in die Nuwe Testament niks te bespeur nie. Dan praat ons nie eers oor die tragiese verworping van wat ons vandag as denominasies en eksklusiewe kerkverbande (meervoud) ken nie. Tog was daar van die begin 'n allerhegste band tussen die verskillende gemeentes. Saamgetrek in die bediening van die apostels, het alle gemeentes soos 'n eenheid in Christus geleef. Hulle het nie net die plaaslike kerkraad van Jerusalem gevorm nie, maar daar was opsieners in al die gemeentes. 'n Gestruktureerde saaklike band het moontlik ontbreek, maar saamgetrek in die apostelskap self, was daar 'n lewendige en persoonlike band tussen al die gemeentes aanwesig. Toe die evangelie in Samaria verkondig is en daar gelowiges gekom het, het die apostels dadelik vir Petrus en Johannes daarheen gestuur om vir hulle te bid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang en hulle die hande op te lê (Handelinge 8:14-17). Al die gemeentes in Judea, Galilea en Samaria het hulle so nou aan mekaar in vrede gebonde gevoel dat hulle in Handeling 9:31 gesamentlik in die enkelvoud met die woord *ekklisia* aangedui word<sup>5</sup>.

In die gemeentes wat Paulus daarna op sy sendingreise gestig het, was dit nie anders nie. Net soos wat die gemeentes in

Palestina 'n onderlinge band in die bediening van die apostels besit het, het die gemeentes uit die heidene 'n hegte eenheidsband in die bediening van Paulus gehad. Almal van hulle het 'n innige liefdesband met Paulus gehad, en hy met hulle. Hy was immers hulle stigter, hy het vir hulle sorg gedra, hy het hulle persoonlik besoek, hy het 'n briefwisseling met hulle onderhou en telkens die groete van die verskillende gemeentes aan die ander oorgedra. Een gemeente het gehelp om aan Paulus se onderhoud by te dra terwyl hy in 'n ander gemeente gewerk het. Die verskillende gemeentes word ook soms in hulle streeks- of landelike bestaan as die gemeentes van Judea, Asië, Galasië, Macedonië of Achaje saamgevat.

Ja, selfs tussen die gemeentes uit die Jode en die heidene was daar 'n liefdesband en onderlinge verkeer. Die gemeentes onder die heidene het kollekties ingesamel vir die verarmde en vervolgte gemeente van Jerusalem. Hulle het as't ware sodoende inisiatief geneem om oor die skeidsmuur wat daar vroeër was, die hand na Israel uit te reik (Handeling 11:29; Romeine 15:25-28; 1 Korintiërs 16:1-5). As ons dit in die Bybel lees, kom ons onder die diepe indruk van die geestelike gemeenskap wat daar tussen die gemeentes bestaan het, baie inniger as in baie van die klassikale en sinodale verbande van die latere jare. Hulle het die heilige, algemene, christelike band van eenheid baie ryker en inniger onderhou as die pragtigste reglement van die latere tye.

Die gemeentes van die eerste eeu was van verskillende herkoms, verskille in beskawing, in nasionaliteit, in woonplek; daar was verskillende eeue-oue volksgeskiedenis, verskillende kulture, dikwels 'n diep gewortelde vyandskap tussen die verskillende volkere. Jesus het vrede gemaak en die wat vroeër vyande was, in hulleself tot één nuwe mens gescape. Eén kragtens die liefde van die Vader; deur die genade van die Seun, wat almal se Hoof

en Heer is; in die gemeenskap van dieselfde Gees wat in almal uitgestort is; één in doop en geloof en hoop; één as lede van dieselfde liggaam, met allerhande geestelike gawes wat vir mekaar bestem is en moet werk tot die volmaking van die heiliges; één onder alle volke, één by alle plekke, één deur alle tye (Efesiërs 4).

## Ons ekumeniese roeping

Hierdie katolesiteit of ekumenisiteit van die kerk, soos wat die Skrif ons leer en die eerste gemeentes aan ons wys, is van aangrypende skoonheid. Dit is vir kerke 'n absolute ramp wanneer hulle hulself in 'n eng kringetjie of konventikel afsluit en hulleself sektaries as die 'alleen ware kerk' beskou. Sulkes doen aan die liefde van die Vader en die genade van die Seun en die gemeenskap van die Heilige Gees tekort. Hulle beroof hulleself van geestelike skatte wat deur geen heilige meditasie of toewyding vergoed kan word nie, en verarm hulle siele. Aan die ander kant leer die Here ons om in die geestesoog, met 'n gelowige hart en gewillige hande uit te kyk oor die ontelbare skares heen – uit elke volk en taal en nasie en stam en tyd wat deur Christus se bloed vrygekoop is. Dan kan 'n mens nie meer eng van hart en nou van ingewande wees nie.

As ons na die tragiese toestand van die kerklike lewe regoor die wêreld kyk, met duisende klein eksklusiewe kringetjies – mensgemaakte institute en sinodaalgesanksioneerde konvensies – wat hulleself as die eintlike adres van God beskou, leer ons antitiesies uit die Skrif waarheen ons in ons denke en praktyke moet reformeer. Selfgesentreerdheid en vasgevang wees in die eksklusivistiese tradisies van die vadere is dikwels van die handigste wapens van die antichris om die ekumeniese heerskappy van Christus skade te berokken. Dan manifesteer die verskynsel van selfverheffing so maklik waarteen die vadere by die 'ekumeniese' sinode van Dordrecht 1618-19 in die Dordtse Leerreëls, Hoofstuk

3 en 4, paragraaf 15 geskryf het: '... ons mag ons volstrek nie teenoor hulle [diegene wat nog nie soos ons geroep is] in trotsheid verhef asof ons onself so van hulle onderskei het nie'. Ons sien in hierdie afgeslote grendels en tronkstrukture wat die mense vir hulleself opgerig het, dat die mensheerskappy begin voer en ander mense se gewetens buite die Skrif om bind en dwing. Die goeie nuus is dat Christus ons van sulke despotisme bevry het (NGB artikel 29).

'Die Presbiteriale stelsel ken nie die kerk as 'n korporasie wat deur die gemeentes saamgestel is met die sinode as *die* regeringsliggaam nie'.<sup>6</sup> '... hare eenheid gaat aan de veelheid de plaatselijke gemeente vooraf en ligt in Christus'.<sup>7</sup>

Egte kerkverband in sy uitkringende reikwydtes deur die plaaslike, provinsiale, sosiale, kulturele en nasionale grense heen, is niks anders as 'n ekumeniese verbreding van die geestelike gemeenskap van die heiliges nie. Dit berus daarin dat elke gelowige afsonderlik en alle gelowiges gesamentlik deel het aan die skatte en gawes van Christus en dat hulle die roeping het om dit gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van mekaar aan te wend (HK Sondag 21: 55).

Die Skrif vermaan ons om in ons kerklike denke en praktyke nie met ongeldige uitsluitings te werk nie. As die Heilige Gees die Nuwe-Testamentiese kerk op Pinksterdag uit al die verskillende wêrelddele en verskillende moedertale gemeentelik saambring en gemeentelik tot 'n geestelike eenheid saamvoeg het, mag ons nie opnuut in ons kerklike denke mense op grond van taal en kultuur uitsluit nie. As Paulus in die nadere uitbreiding en stigting van die kerke verkondig dat daar nie meer uitsluitings is in die kerk omdat iemand 'n Jood of 'n Griek, 'n slaaf of 'n vryman, 'n man of 'n vrou is nie, mag ons nie in ons kerklike denke opnuut mense op grond van hulle nasionaliteit, sosiale status of geslagtelikheid uitsluit nie. Alle natuurlike, sosiale en historiese onderskeidings tussen mense

mag nie meer as 'n uitsluitingsreël gebruik word wanneer dit gaan oor die kerkvergaderende werk oor die hele wêreld en oor alle tye heen nie. Die natuurlike onderskeidings wat daar nog steeds is, is almal deur die versoeningsoffer van Christus saamgebring. Vandaar dat ons sendingroeping om die koningskap van Christus onder alle mense en oor alle lewensterreine uit te dra ('n lig vir die wêreld en 'n sout vir die aarde) nie sterk genoeg beklemtoon kan word nie. Nie in mensgesentreerde filantropie soos baie ekumeniese bewegings wil nie, maar duidelike antitetiese sendingwerk. Waar dit werklik nog tot ons voordeel is dat aardse regerings 'n beleid van godsdienstvryheid formeel voorstaan, is dit juis hierdie beleid wat al hoe meer van burgers eis om alle godsdienste as geldig te aanvaar. Dit gee aanleiding tot 'n hernude beweging van intergodsdienstigheid soos dit tot uitdrukking kom in die handeling van die parlement van wêreldgodsdienste, die WRK en die SARK, internasionale bewegings wat van sending afsien en slegs met gesprek met die oog op wedersydse begrip wil volstaan. Mensliewendheid en medemenslikheid moet op basis hiervan bevorder word, byvoorbeeld deur internasionale noodlenigingswerk. Hierteenoor moet onverswak vasgehou word aan die egte ekumeniese verkondiging. Paulus beskryf dit as die basis van sy eie sendingroeping: 'Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader' (Filippense 2:9).

Nadat daar baie oor die ekumeniese roeping van die kerk gepraat is, is daar inderdaad wel 'n belangrike onderskeidingslyn – 'n grenslyn wat inklusiwiteit en eksklusiwiteit vir die belewenis van

die ekumene bepaal; 'n grens wat binne-in die individu se hart en gewete reeds skeiding bring, wat deursuur in die plaaslike gemeente, en vanuit die gemeente 'n lyn trek na alle ander gemeentes. Paulus beskryf dit as 'n kernvers aan die Korintiërs: 'God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here' (1 Korintiërs 1:9). Dit betuig Jesus self ook: 'Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry' (Johannes 15:5-7).

Daar is slegs een enkelvoudige reël waarmee getoets moet word wanneer ons bepaal of ons die gemeenskapsband met mekaar het of nie het nie. Nie die positiewe soekvraag of iemand 'n Dopper is nie. Nie die vraag of 'n gemeente in die menslik geskepte struktuur van die GKSA is nie. Nie die ongemaklike soekvraag of 'n gemeente of individu binne-in die sinodale struktuurband van die NGK, V GK of die APK is of van die struktuur van Sinode Soutpansberg is nie. Daar is waarlik alleen een reël: Lewe iemand, of 'n gemeente in die gemeenskap met onse getroue God, die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here (NGB artikel 29). Dit is die eksklusiewe skeidslyn van ons roeping in die ekumene.

As 'n gemeente of 'n individu, 'n vergadering van gemeentes ernstig daarna strewende om in gemeenskap met Christus, in gehoorsaamheid aan ons ekumeniese Hoof, te lewe en hulle eie lewens ondersoek om dit in te pas in onderdanige gehoorsaamheid aan Hom, dan is ons met hulle ekumenies een. Daar is dalk nog nie in alle opsigte oor alle sake en praktyke identiese leer en lewe nie, maar daar is die identiese

grondslae en die identiese strewende. Gereformeerde ekumenies vind sy basis in die Gereformeerde belydenisskrifte omdat dit met die Skrif ooreenkom. Wie sy/haar geloofslewe daarvolgens inrig, is ekumenies verenig onder Christus. Dit is 'n broer en 'n suster wat Christus vir my gegee het. Hy verwag dan dat ek en die broeders en susters wat Hy vir my gegee het hierdie eenheid met ernstige strewende moet bewaar (Efesiërs 4). 'n Gemeente, individu of 'n vergadering van gemeentes mag nie die koninkrykswoord van ons ekumeniese Heerser verdraai en aanpas sodat hulle hulle eie strewende en aspirasies kan nalewe nie.<sup>8</sup> Die jongste tendens is om die instruksies van die apostels vir die Nuwe-Testamentiese kerk deur die bril van die sosio-historiese agtergronde van die eerste hoorders te verstaan en daardeur die voortgesette geldigheid

daarvan vir vandag te bepaal. Dan is hulle wesentlik met kerkskeuring besig<sup>9</sup>, met die werke van die groot verbreker, die vader van die leuen.

'n Mens kan nie anders nie as om met groot kommer te luister na voorleggings wat deputate van bepaalde 'kerkverbande' by ekumeniese vergaderings soos byvoorbeeld die ICRC (International Conference of Reformed Churches) of die GER (Gereformeerde Ekumeniese Raad) lewer om lidmaatskap daarvan te verkry nie. Alleen die eis word gestel dat gekyk word na die 'amptelike' standpunte van sulke 'kerkverbande' soos in hulle aanvaarde belydenis, kerkorde en sinodebesluite vervat is. Dit word verswyg dat in die teologiese opleiding en in baie van die gemeentes van daardie 'kerkverband' menigvuldig in stryd met hierdie voorgelegde 'amptelike'

standpunte geleer en gedoen word en dat dit so getolereer word. Hieroor sê Psalm 1 baie enkelvoudig en duidelik: Die goddeloses sal nie bestaan in die vergadering van die regverdiges nie.

1. O Flender in die DNTT onder redaksie van Colin Brown, 1986, deel 1, p 519
2. Kyk vir verdere bespreking hieroor in die Christelike Ensiklopedie, 1960, deel 5, p 243
3. Brief van Ignatius aan Smirna, hfst 8
4. Bouwman H, Gereformeerde Kerkrecht, 1928, deel 1 pp 66 e.v.
5. Die lesing in oorspronklike manuskripte waaronder A, B, C, die Siriese, Koptiese, Etiopiese, Armeniaanse geskrifte en die Vulgaat, het η εκκλησια (dié kerk - enkelvoud).
6. Van der Linde: Grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel, 1965, p 120
7. H Bavink: Gereformeerde dogmatiek IV, 1911, p 301.
8. Lees die onlangse verklaring van 36 predikante wat in 'n onlangse uitgawe van Waarheid en Dwaling gepubliseer en gekritiseer is.
9. 'Maar julle, geliefdes, moet die woorde onthou wat tevore gespreek is deur die apostels van onse Here Jesus Christus, dat hulle vir julle gesê het: In die laaste tyd sal daar spotters wees wat volgens hul eie goddelose begeerlikhede wandel. Dit is hulle wat skeuring maak, sinnelike mense wat die Gees nie het nie.' (Judas:17-19).

Ds E Kayayan, Pretoria - Rietvallei

## Die diachroniese uitleef van ekumenisiteit as herstel van 'n Bybelse perspektief op tyd<sup>1</sup>

### Die wortels agter sinchronisme as 'n tyds- en geskiedenisbeskouing

Een van die mees bepalende tendense van die afgelope honderd jare in die Westerse denke was waarskynlik – en is nog – om die werklikheid al hoe meer sinchronies te wil beskou en bestudeer. Sinchronies, dit wil sê binne die raamwerk van 'n uitgebreide 'vandag', wat die historiese ontstaan en ontwikkeling van werklikheidsaspekte wat ter sprake

kom stelselmatig op die agtergrond skuif. Dít wat die aandag geniet, is hoe dinge op 'n bepaalde tydstip saamhang, funksioneer, uitgeleef word en – wat vandag se gebeure betref – hoe hulle op die mees produktiewe manier vir praktiese doeleindes aangewend kan word. In dié opsig bestaan daar myns insiens min twyfel dat die moderne linguïstiek 'n groot rol gespeel het om die werklikheid eerder sinchronies as diachronies te wil bestudeer. Vir die vader van die moderne linguïstiek en die

strukturealisme, die Geneefse linguïst Ferdinand de Saussure (1857-1913), is taal 'n verskynsel wat as 'n geslote sisteem van interafhanklike verhoudings bestudeer moet word. Die ontwikkeling van 'n taal oor die eeue, saam met die kulturele, historiese, etniese of geografiese invloede wat dié taal ontvang het, en wat bygedra het om dit in sy huidige gestalte te giet, was vir De Saussure sekondêre faktore wat, ter wille van metode, eers eenkant gelaat moet word. Die invloed van so 'n vertrekpunt op ander

geesteswetenskappe sou later dominant word, soos die toepassing van die sosio-historiese metode op teologiese studies vandag duidelik aantoon. Dit wat in hierdie geval oorwegend tel, is 'n bepaalde en beperkte historiese konteks wat gekonstrueer moet word as 'n geslote sisteem van destydse sosiale en kulturele verhoudings – dus sinchronies. Die rekonstruksie van so 'n sosio-historiese snit van geskiedenis en die betekenis wat daaraan geheg word, word op sy beurt deur die sosio-historiese konteks van die huidige navorser bepaal, dikwels met die inlees en projeksie van hedendaagse religieuse of kulturele behoeftes op die bestudeerde konteks. Op dié manier word twee sinchroniese snitte van die geskiedenis in verband met mekaar gebring wat aanvanklik as heeltemal vreemd tot mekaar beskou was. Geen diachroniese perspektief word aangebied nie, maar slegs 'n toe-eiening van 'n snit uit die verlede deur die moderne analis, meestal ter wille van eie doeleindes. So word die tydelike dimensie van die menslike geskiedenis stelselmatig gereduseer tot 'n ewige teenwoordige tyd wat wissel van een tydperk tot 'n ander een sonder dat 'n diachroniese koers of 'n leidende draad opgespoor kan (en miskien *mag*) word. In dié opsig het ons al hoe meer te doen met 'n gefragmenteerde tyds- en geskiedenisbeskouing.

Dat die uitleef van die ekumene vandag ook onder hierdie invloed verkeer, is myns insiens nie twyfelagtig nie. 'n Spreekende voorbeeld hiervan onder Afrikaanssprekende Protestantse kerkverbande is die druk wat op die *ad hoc* Tussenkerklike Kommissie geplaas word om 'n hervertaling van eeue-oue belydenisskrifte te laat verskyn wat ten doel het om die hedendaagse leser in sy huidige sosio-historiese konteks te akkommodeer, ten koste van die oorspronklike bedoeling. Ekumenisme en kontekstualisering gaan al hoe meer met mekaar gepaard – die bereiking van 'n sigbare eenheid met bykomstige

teologiese amnesie is aan die orde van die dag. Voordat 'n mens egter oor ekumenisiteit en die huidige uitleef hiervan begin besin, is dit noodsaaklik om in die dieper motiewe agter hierdie moderne oorbeklemtone van sinchroniese aspekte (iets wat ek graag *sinchronisme* sou wil noem) te gaan delf. Duidelik kom 'n tyds- en geskiedenisbeskouing ter sprake, wat krities beoordeel moet word.

Tyd en geskiedenis blyk werklikheidsaspekte te wees wat die mens na die sondeval voortdurend pla. 'n Mens kan jou huidige omstandighede met behulp van nuwe politieke bedelings of nuwe tegnologiese toepassings verander. 'n Mens kan altyd van 'n beter toekoms droom, gebaseer op wat jy vandag vir môre beplan. Maar jy kan nie die verlede verander of selfs herleef nie. Tyd en geskiedenis konfronteer die mens met sy mislukte pogings om 'n ewigdurende menslike koninkryk te bou, hetsy in die vorm van politieke en militêre ryke, kulturele en ideologiese vestings, of selfs in die vorm van kerklike koninkryke wie se tydelike sigbare gestalte verabsoluteer word. Terselfdertyd bly tyd en geskiedenis dimensies wat vir die mens 'n platform bied om sy droom van self-verwesenliking te vergestalt. Sisyphus se mite kan hier in herinnering gebring word: Sisyphus is vir ewig gevonnissen – nadat hy uit die koninkryk van die dooies, die Hades, ontsnap het – om 'n enorme ronde klip na die toppunt van 'n berg op te rol; elke keer as die top bereik is, val die klip onder toe en moet Sisyphus weer begin. 'n Diachroniese perspektief op tyd en geskiedenis konfronteer die mens met die pynlike ontdekking dat hy nie in beheer is van sy pogings tot self-verwesenliking nie. Veel erger nog: so 'n perspektief dwing hom om die koers van sy geskiedenis toe te skryf aan 'n transendente hand of faktor wat nie onder sy beheer val nie. Sinchronisme bied in dié opsig 'n maklike ontsnappingsroete: sinchronisme blyk 'n goeie greep op die werklikheid te gee aan diegene wat die hede sonder hindernis na

eie goeddunke wil omvorm en in 'n bepaalde rigting wil stuur. Sinchronisme en funksionalisme gaan hand aan hand. So word Sisyphus aangeraai om slegs na besondere en belowende stappe van sy reuse pogings terug te kyk, sonder om die herhaalde val van sy klip te moet aanskou.

## Die diachroniese aspek van ekumenisiteit

Ekumenisiteit het eerstens 'n diachroniese stempel voordat dit sinchronies uitgeleef word. Christene leef uit die eenheid van 'die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is' (Judas vers 3b). Hierdie 'eenmaal' (*απαξ*) bepaal terselfdertyd die oorsprong en die onveranderlike karakter van bogenoemde geloof wat op 'n gesagvolle wyse deur die apostels oorgedra is. So 'n formule lei 'n mens daartoe om 'n belydenis uit te spreek wat die opeenvolging van tydperke transendeer. In dié opsig hou hierdie formule 'n permanensie in wat van een of ander teenwoordige tyd getuig. Indien daar egter van 'n teenwoordige tyd gepraat kan word ten opsigte van dieselfde belydenis wat geslagte van christene diachronies – deur die eeue – saambind, moet hierdie teenwoordige tyd gekwalifiseer word as dié van Christus se ewige teenwoordigheid, soos Hy dit self aan sy dissipels belowe het in Matteus 28:20: 'En kyk, *Ek is* [εγω εμι] met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld'. Christus se ewigheid is dié faktor wat die tydelike dimensie van die menslike bestaan verenig en wat Sisyphus verlos van die desperate siklus waarin hy vasgevang is. Christus se vleeswording en kruisiging waarborg aan die een kant die goddelike deelname aan die diachroniese dimensie van ons menslike bestaan (soos die belydenis van Nicéa dit beklemtoon), terwyl sy opstanding en hemelvaart aan die ander kant die nodige verlossing bring van 'n dimensie wat na die sondeval in 'n bose kringloop verval het. Slegs die persoon van Jesus Christus, met sy twee nature wat saam



bestaan sonder vermenging nóg verandering, sonder verdeeldheid nóg skeiding – volgens die onmisbare Chalcedoniaanse definisie – is in staat om ons tydelike dimensie bevrydend te plaas in 'n diachroniese koers wat Christus se ewigheid as mikpunt het, in plaas van die noodlottige repetisie van 'n doellose siklus.

Dit is merkwaardig om daarop te let dat artikel 27 NGB (oor die Algemene Christelike Kerk), die diachroniese aard van die kerk eers beklemtoon – juis gefundeer op Christus se ewige koningskap – voordat die sinchroniese aspek daarvan ter sprake kom: 'Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie'. Slegs daarna, aan die einde van die artikel, word daar gesê: 'Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig'.

Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 21, vraag en antwoord 54) beklemtoon eers die diachroniese karakter van die kerk, voordat vraag en antwoord 55 die klem plaas op die sinchroniese dimensie hiervan:

'Wat glo jy van die heilige, algemene Christelike kerk?

Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.'

Die Tweede Helvetiese Konfessie (1566) is nog duideliker oor die diachroniese aspek van die kerk, wat 'van die begin af' in God se ewige uitverkiesing sy oorsprong vind. Hoofstuk 17 (oor die heilige en universele kerk van God en haar enigste Hoof) begin so:

Aangesien God van die begin af wou hê dat die mense gered moet word en tot die kennis van die waarheid moet kom, is dit so dat daar altyd 'n kerk moes gewees het, steeds moet wees en tot die uiteinde van die eeue sal moet voortbestaan: dit is 'n vergadering van gelowiges geroep en vergader deur die hele wêreld: daarmee bedoel ek 'n ge\*9-meenskap van die heiliges, naamlik almal wat – deur die Woord en deur die Heilige Gees – die ware God in Jesus Christus die Verlosser erken en aanbid, en deur die geloof deel het aan al die skatte wat vrylik in Jesus Christus aan ons geskenk is. Hierbenewens is al hierdie mense burgers van dieselfde stad, en lewe onder dieselfde Here, dieselfde wette, en neem saam deel aan dieselfde seëninge (my vertaling, EK).

Artikel 16 van die Skotse Konfessie (1560) gaan uit van dieselfde vertrekpunt:

Net soos ons in een God, Vader, Seun en Heilige Gees glo, glo ons met die grootste sekerheid dat daar vanaf die begin was, daar nou is, en daar tot die einde van die wêreld sal wees, een kerk, dit is die gemeenskap van 'n menigte van mense deur God uitverkore wat Hom in waarheid aanbid en toegang tot Hom het deur 'n ware geloof in Jesus Christus, die enigste Hoof van hierdie kerk, wat sy liggaam en sy bruid is. Dié kerk is katoliek, dit wil sê universeel, omdat dáár al die uitverkorenes van alle tye, alle koninkryke, nasies en tale te vinde is, hetsy Jode of heidene. Hulle bly in verhouding en in gemeenskap met God die Vader, en met sy Seun Jesus Christus deur die heiligmaking van sy Heilige Gees. Daarom word dit nie 'n gemeenskap van profane persone genoem nie, maar van heiliges, wat as burgers van die hemelse Jerusalem die rykste seëninge geniet, naamlik een God, een Here Jesus, een geloof en een doop (my vertaling, EK).

Dieselfde geld vir die Westminster Konfessie (wat tussen 1643 en 1646 geredigeer is). Die eerste paragraaf van Artikel XXV definieer die kerk

eers diachronies, terwyl die tweede paragraaf die sigbare kerk meer spesifiek in sy ruimtelike dimensie omskryf (alhoewel 'together with their children' ook na die diachroniese dimensie verwys):

'The catholick or universal church, which is invisible, consists of the whole number of the elect that have been, are, or shall be gathered into one, under Christ the head thereof; and is the spouse, the body, the fulness of him that filleth all in all.

The visible church, which is also catholick or universal under the gospel, (not confined to one nation, as before under the law), consists of all those throughout the world that profess the true religion, together with their children; and is the kingdom of the Lord Jesus Christ, the house and family of God, out of which there is no ordinary possibility of salvation.'

Uit vyf Gereformeerde konfessies hoor ons dus dat die eenheid van die gelowiges, die ekumene, tussen geslagte van verskillende tye – dus diachronies – bestaan vanaf die Alfa tot die Omega van die menslike geskiedenis, onder die hoofskap van die ewige Seun van God. Hierdie gelowiges word in beide die Tweede Helvetica en die Skotse Konfessie burgers van dieselfde stad genoem, wat onder dieselfde wette verkeer en dieselfde seëninge geniet. Hebreërs 11 kom hier duidelik ter sprake, asook hoofstuk 13:7: 'Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het'. Vers 8 bied natuurlik die grondslag van hierdie diachroniese uitleef van die ekumene: 'Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid' (1983 Afrikaanse vertaling).

## Die Gereformeerde uitleef van die ekumene

Watter implikasies het so 'n perspektief vir ons huidige, sinchroniese, uitleef van die ekumene? Heel eerste, 'n

verootmoedigende invloed, in dié sin dat die sinchroniese uitleef van die ekumene nooit op dieselfde voet as tydelike groepsvorming, kerkpolitiek of kerkmagstryd geplaas mag word, met ten doel die vermeerdering van die mag en invloed van 'n sigbare instituut in die wêreld nie. Die byvoeging van getalle aan 'n kerklike instituut, deur een of ander samesmelting te bewerkstellig, en dít om die wêreld of die owerhede te beïndruk, kan nooit 'n vertrekpunt of 'n eindpunt wees vir die uitleef van die ekumene nie. In besonder, die bevordering van so 'n samesmelting ter wille van die vereniging van Afrikaners en dit om een of ander politieke mag te herwin nadat hulle dit in 1994 verloor het, het niks te doen met die uitleef van die ware ekumene nie, maar konstitueer bloot 'n verkragting van 'n koninkryksbeginsel in belang van 'n sekulêre agenda. Aan Christus alleen is alle mag in die hemel en op aarde gegee (Matteus 28:18), op grond van sy ewige goddelikheid. Vandag se roeping ten opsigte van die ekumene – dít wat prioriteite moet bepaal – is dieselfde as gister s'n, naamlik die gesamentlike verkondiging van Christus se ewige koninkryk. Tog is dit belangrik om te beklemtoon dat dít wat gelowiges verenig nie die gesamentlike verkondiging van hierdie ewige koninkryk is nie, en ook nie die gesamentlike werke wat sinchronies deur gelowiges gedoen word nie, maar slegs die transendente realiteit van hierdie ewige koninkryk van Christus, waarvan die ekumene maar net 'n vrug hiervan is, die uitdrukking van gelowiges se antwoord hierop. Slegs hierdie transendente koninkryk is dít wat gelowiges van alle tye en alle plekke verenig, op grond van die twee nature in die persoon van Jesus Christus. Om dit nie so raak te sien en ook nie so uit te leef nie sal noodwendig tot 'n nuwe vorm van werksteologie lei, bloot 'n menslike poging na eenheid.

Calvyn se uiteensetting van die aard van ware ekumenisiteit in sy Institusie (4.2.5-6) beklemtoon juis

die persoon van Christus wat in die sentrum staan:

Maar ons moet ook daarop let dat hierdie liefdesverbintenis so van geloofseenheid afhanklik is dat laasgenoemde die begin, die einde en die maatstaf daarvan is (HW Simpson se vertaling is hier ongelukkig misleidend). Daarom moet ons onthou dat, wanneer die eenheid van die kerk deur God by ons aangeprys word, moet ons niks anders verstaan as die feit dat ons in doktrine een is wat Jesus Christus betref, en dat in Hom ook ons gemoedsgesteldheid van wedersydse welwillendheid moet getuig. Daarom wanneer Paulus ons tot eenheid aanspoor, neem hy as grondslag die feit dat daar slegs een God is, een geloof en een doop (Efesiërs 4:5). Selfs daar waar hy ons leer om een te wees in doktrine en in wil, voeg hy telkens by dat dit in Jesus Christus moet plaasvind (Filippense 2:2-5). Daarmee gee hy te kenne dat enige eenstemmigheid wat buite die Woord van God bewerk word, 'n kliek van ongelowiges is, en nie die eensgesindheid van gelowiges nie. Cyprianus verseker ook in navolging van Paulus dat die bron van enige eenheid in die kerk in Christus se biskop-amp te vinde is.

Wat die uitleef van die ekumene betref is die vraag wat beantwoord moet word dus nie: 'Hoe sal ons onself posisioneer teenoor hierdie of daardie kerklike gemeenskap?' nie. Die doel wat nagestreef moet word is nie: 'Hoe kan ons diplomatieuse bande vestig met hierdie of daardie kerkverband?' Nie asof die uitleef van die ekumene die vorm moet aanneem van bande wat lande en nasies met mekaar smee met tydelike en pragmatiese doelwitte in die oog, of met ambassadeurs wat van tyd tot tyd ander kerklike gemeenskappe besoek op 'n heel beskaafde wyse nie. Wanneer so 'n afvallige sinchroniese beskouing in die uitleef van die ekumene posvat, getuig dit van die destruktiewe invloed van 'n sekulêre tyds- en geskiedenisbeskouing op kerke wat intussen nie meer Christosentries is nie. Die eindresultaat van so 'n

beskouing is om kerklike pogings tot eenheid te verander in soveel Sisyphus pogings, almal lofwaardig in die oë van diegene wat die klip oprol: 'kom ons verander die klippe in die woestyn in brood, ter wille van die wêreld se behoeftes'; 'kom ons word die geestelike eweknie van die Verenigde Nasies om hulle by te staan in hulle prysenswaardige poging tot vereniging van die mensdom'; ensovoorts.

## Die herstel van 'n Bybelse perspektief op tyd

Teenoor dergelike sekulêre pogings, behoort Gereformeerdes die ekumene uit te leef as 'n saamgroei in die ewige karakter van Christus se koninkryk, wat die tydelike, diachroniese dimensie van die menslike bestaan restoureer en nuwe betekenis daaraan gee. Dit is slegs daaruit dat hulle gesamentlike proklamasie onderskraag kan word, juis omdat, soos reeds gesê, dit nie stem uit 'n menslike horisontale dinamika nie, maar 'n *nota ecclesiae* is, 'n gegewe in die vervulling wat Christus reeds gebring het en wat al hoe meer sigbaar word. Om erns te maak met die geloofsbelydenisse wat diachronies aan ons oorgelewer is, is een aspek van hierdie saamgroei in die geloof wat eenmaal oorgelewer is.

'n Bykomende aspek van die saamgroei na eenheid is sy eskatologiese dimensie: dit is 'n beweging na die Omega van die menslike geskiedenis, na die eskatologiese punt waar, volgens Openbaring 5:9-10, losgekoopte mense uit elke stam, taal, volk en nasie deur Christus 'n koninkryk [βασιλειαν, enkelvoud!] en priesters gemaak is (en hulle sal oor die aarde regeer). Hier het ons te doen met 'n omgekeerde beweging in vergelyking met dit wat in die wêreld gebeur. Volgens Markus 13:8 (sien ook Matteus 24:7; Lukas 21:10) sal die een nasie teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander. Op sigself is hierdie omgekeerde beweging 'n waarskuwing om die mislukking van menslike pogings

tot eenheid raak te sien: die ekumene beweeg nie parallel aan dit wat wêrelds plaasvind nie, maar omgekeerd, omdat die oorsprong en die eindpunt van so 'n beweging na eenheid nie immanent is nie, maar transendent. So 'n opmerking impliseer hoegenaamd nie dat die ekumene geen roeping ten opsigte van die politieke terrein ontvang het nie. Die roeping wat ontvang is, is egter om die nasies tot eenheid te roep volgens die grondwet van Christus se ewige koninkryk, volgens sy norme van regverdigheid en harmonie, in onderworpenheid aan sy soewereine heerskappy, soos christene uit alle lande, tale en kulture dit saam bely. In hierdie roeping lê daar ook 'n teken van die herstel van die historiese dimensie wat deel is van die skeppingsorde.

Die eskatologiese dimensie van die saamgroei na eenheid kan egter nie geskei word nie van 'n derde aspek, naamlik die feit dat die Evangelie eers aan al die nasies verkondig moet word (Markus 13:10). Die verenigde koninkryk wat bestaan uit mense uit elke

stam, taal, volk en nasie, word sigbaar namate sending plaasvind. Sending gaan van die vertrekpunt uit dat die mensdom in Adam een is, en in die nuwe Adam een moet word. Die ekumene is dus, in sy saamgroei, wesentlik sendinggerig. Daardeur vind die universele heerskappy van Christus se koninkryk 'n sigbare gestalte. Daardeur word die muur van skeiding tussen mense van verskillende tale, kulture en agtergronde afgebreek. In die geskiedenis van die kerk is Pinkster in dié opsig natuurlik die grootste gebeurte. Mense van alle tale en oorspronge word verenig in die gesamentlike verstaan van die bevrydende boodskap wat aan hulle verkondig word. Onderskeidings onder hulle is nie meer struikelblokke op die pad van ware eenheid nie. Dus groei die ekumene saam uitsluitlik deur die krag en onder die leiding van die Heilige Gees. In die sendinggerigte uitleef van die ekumene moet 'n mens tog vir jousef afvra watter rol kontekstualisering, wat vandag in missiologie aan die orde van die dag is, speel. Speel

kontekstualisering 'n verenigende of 'n verdelende rol? Is dit 'n manifestasie van *sinchronisme* en partikularisme, en as sodanig 'n negering van eenheid? Of word dit uitgeleef as 'n erkenning van 'n verskeidenheid wat deur God se Voorsienigheid histories ontstaan het en nie ontbind hoef te word nie, maar eerder verlos van verdelende motiewe? Die antwoord op hierdie belangrike vraagstuk sal natuurlik bepaal of die ekumene in sy sendinggerigte dimensie na die koninkryk waarna Openbaring 5 verwys, sal saamgroei, al dan nie.

Soos elke keer beklemtoon, getuig al hierdie aspekte saam van 'n herstelde perspektief op die tydelike dimensie van die menslike bestaan, in dié sin dat die diachroniese uitleef van die ekumene geskied binne die koers van die openbaringsgeskiedenis, as vervulling van profesieë oor die totstandkoming van 'n nuwe mensdom in die nuwe Adam. Daarom dat hierdie uitleef ook as herstel van 'n Bybelse perspektief op tyd gekwalifiseer kan word.

<sup>1</sup> Die volledige lesing met voetnote kan by ds E Kayayan aangevra word.

Prof RM Britz, Bloemfontein - Universiteit van Vrystaat

## Respons – twee diachroniese lyne

Die drie referate wat gelewer is, is fundamentele kritiek op die ekumeniese beweging, wat ons ook gedurende die 20ste eeu in ons land leer ken het. Fundamentele kritiek is iets anders as die polemiese bevraagtekening van die *Wirkungsgeschichte* van ekumeniese organisasies soos byvoorbeeld die ouere South African Mission Conference of die jongere Gereformeerde Ekumeniese Raad, die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, die Wêreld Raad van Kerke en die Suid-

Afrikaanse Raad van Kerke. Dit is ook iets anders as die beoordeling van die ekklesiologiese strukturering en programmering van die moderne ekumeniese beweging. Nog is dit die (selfs eensydige) 'blootlê' van die politiese uitkomst van die beweging binne die konteks van die sogenaamde 'Koue oorlog' en die dekolonialisering van die 'derde wêreld'. Die soort fundamentele kritiek wat in die referate na vore gekom het is iets aangrypends positief. Dit staan in lyn met die bediening van die Woord aan

hierdie kant van die kerkgeskiedenis en veral ook aan die teologie wat in daardie kerkgeskiedenis geskep word. Daarmee word ons gehelp om tot 'n vergelyk te kom met die verlede.

### Alexander die Grote se 'ekumene'

Die begrip 'ekumene' was oorspronklik 'n geografiese begrip. 'Ekumene' het die hele bewoonde wêreld aangedui. In die verloop van die geskiedenis het dit 'n breër

klein afgesteek: dit het 'n kulturele en 'n politieke dimensie bygekry. Die hupstoot wat die ontwikkeling in die betekenisveld van die begrip 'ekumene' aan die gang gesit het, kan teruggevoer word na die tyd en ryk van Alexander die Grote (356-323 v C). Hy het die kosmologiese en kosmiese betekenis van ekumene op 'n besondere manier uitgebou deur sy strewe om die Griekse taal en kultuur uit te brei oor die hele gebied wat hy verower het. Hiermee het hy beslag gegee aan die Hellenisme, daardie grondleggende beskawing wat rondom die Middellandse See ontstaan het. Hierdie Hellenisme was die verteenwoordiging van die ware mensdom – nie die *ganse* mensdom nie.

Vanselfsprekend is die oorspronklike geografiese betekenisveld van die begrip 'ekumene' nou merkbaar omlynd verdiep. In die praktyk het dit die onderskeiding tussen die hellenistiese en nie-hellenistiese mens (nog in die barbaardom) in reliëf gebring. Dit was egter nie al nie. Die Hellenisme het 'n inherente aandrag gehad om die mens wat in die barbaardom vasgevang gesit het, te verlos. Daarom moes die Hellenisme sy verlossende heerskappy oor die nasionale grense stoot, al verder die 'ekumene' (die hele wêreld) in. Die 'ekumene' word so 'n kultuurwêreld. Dit wat dan nog steeds anti-kultuur is, word al meer na die buiterand teruggedruk om uiteindelik ingebring te word in die nuwe kultuurwêreld, die 'ekumene'. 'n Ander diachroniese lyn het hom in die geskiedenis aangekondig.

## Die Romeinse Ryk

In die opvolgende Romeinse Ryk – voor, tydens en na die koms van Christus – het die hellenistiese herinterpretasie van die begrip 'ekumene' 'n westerse en Romeinse aksentuering gekry. Dit is polities en regs-wetenskaplik deur die Romeinse Ryk uitgewerk. Dit kom hierop neer: die Romeinse Ryk omvat die ekumene. Waar die Ryk is, is die ekumene en waar

die ekumene is, is die Ryk. Waar die ekumene nie is nie, moet die Ryk nog kom én behoort die Ryk te kom. Dus: in die blootlê van die geskiedenis van die woord 'ekumene' kom ons nou af op nog 'n betekenis-toevoeging wat in verband staan met magsuitbreiding wat homself noodwendig moet handhaaf en ter wille van die ekumene, die behoud van die wêreld, vir homself 'n pad moet oopbreek. Die keiser word hierin die verlosser om die ware ekumene te realiseer. Die realisering van die ekumene is die essensie van die heerskappy van die keiser – 'n verlosser wat die imperium met mag en geweld daarstel en behou. Vir baie christene in daardie tyd was hierdie gerealiseerde en eksistensiële (Romeinse) ekumene 'n bouse kringloop waarin hulle vasgevang en dikwels vervolgd was. Teen hierdie agtergrond word die konsekwensie van die christene van die eerste drie tot vier eeue se belydenis – Christus is die Here – eers duidelik. Dit was ekumenies met die dood strafbaar. Die diachroniese lyn van die geskiedenis het homself met mag beklee en gehandhaaf.

## Die historiese kruispunt: Christus

Dit bring ons by 'n historiese kruispunt: In watter opsig verskil die koninkryk van Christus, wat ook 'n 'ekumeniese' dimensie het, van die imperiale ekumene? Christus het gesê: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. Daar is iets gans anders aan Christus se koninkryk, Christus se teenwoordigheid in die ekumene, die ganse wêreld (Hy is alomteenwoordig). Hy staan teenoor die wêreldse ekumene met sy hellenistiese en Romeinse agtergrond, inkleding en realisering deur middel van geweld en 'n selfgeskepte verlosser. Hy is die ware Verlosser wat die ekumene van die evangelie in 'n verlore mensdom deur sy Woord en Gees realiseer. Heeltemal anders as wat Alexander die Grote, Augustus (Lukas 1) en ander keisers probeer doen het. Sy koninkryk is 'n

koninkryk wat vir homself 'n pad oopbreek met 'n Koning wat nooit sonder onderdane sal wees nie. Die ekumeniese keisers het hulle op gegewe oomblikke wel sonder onderdane bevind. Soos die hellenistiese ryk van Alexander die Grote het ook die Romeinse Ryk in duie gestort. 'n Diachroniese lyn het die geskiedenis geword.

## 'n *Corpus Christianum*

Teen die tyd van die reformatie van die 16de eeu het die woord 'ekumene' 'n *kerklike* betekenis met hom saamgebring. Dit is al eeue lank gekoester. Pous Gregorius 1 het reeds aan die begin van die 7de eeu Rome verkerklik en die kerk verrooms. Die ou inbeelding van die ekumeniese keiserryk het nou nuwe lewe gekry. Hierdie keer is dit vergestalt in die kerk van Rome en in die *corpus christianum* wat in terme van die Heilige Romeinse Ryk geskep is. Daarmee het die kerk van Rome aan homself as 'n kerk-staat ekumene begin dink. Aan 'n kerkbegrip is historiese en prakties-teologiese beslag gegee. Die ou Grieks-hellenistiese en Romeinse konsepte van ekumene en ekumenisering is hierin gekatoliseer. 'n Historiese diachroniese lyn van die geskiedenis is ontdek, afgestof en met 'n aantreklike ekklesiologiese kleed omhul. Die reformatore se oë is hiervoor geopen. Hulle kon raaksien waarom alles agter hierdie kleed nie pluus is nie. Hulle ekumene kon eenvoudig nie stoel op 'n natuurlike teologie nie. In die aangryping van die Woord is hulle op die ander ekumeniese weg gebring, die weg waarvan die fundamente vasgelê is in die teenwoordige Christus. Ds Kayayan het in sy voordrag hierdie soort ekumene beredeneer. Van die belydenis van geloof is teenoor die historiese, kerkhistoriese, Rooms-Katolieke Kerk wat ekumenies die draer van die *corpus christianum* gaan word het, gestand gedoen. In plaas van kerkplanting en verkerkliking, het sending en evangelisering gekom.

## Die Aufklärung

Toe Europa 'n eeu of wat later weer eens staatkundig tot 'n vergelyk moes kom, is dit nie sonder filosofiese begeleiding gedoen nie. Die ekumene van die *corpus christianum* was juis vatbaar vir die filosofie en vir die vertolking van die filosofie. Dit het in die hand gespeel van wat bekend geword het as die *Aufklärung*. Daarmee is die *corpus christianum* van sy heiligheid ontnem: hy is gesekulariseer. Die diachroniese lyn in en vanuit die geskiedenis kon gevolg gee aan nuwe keisers: Napoleon ... en baie later Hitler.

Daarmee is die gedagte aan 'n Europese kerk nie prysgegee nie. Een van die filosofe van die *Aufklärung*, Leibniz, sou die kerk van die nuwe 'ontkerklikte'

ekumene omskryf. Hy het 'n vaste geloof in Europa as die geestelike tuiste van die mens, die mensheid, alle mense, die ekumene gehad. Europa is 'n kulturele, politieke en religieuse eenheid. Daardie eenheid moet herstel word tot heil, tot verlossing van die ganse wêreld. Die restourasie, of herstel, kan nie net 'n visioenêre droom wees nie, maar word die onmiddellike praktiese taak wat in sy doel moet slaag – dit moet deurgevoer word. Ook die randgebiede moet ingeskakel word. Dit gaan immers oor die aanbod van die Europese heil aan die ganse wêreld. Volgens Leibniz verskaf die ou Middeleeuse, afgeleefde *corpus christianum* die raamwerk hiervoor. Hierdie raamwerk pas soos 'n handsken op die gedagte van onbeperkte uitbreiding en ontwikkeling onder een liggaam – 'n keiser wat terselfdertyd kerk, staat en kultuur insluit. Om dit te realiseer benodig hy in sy denke die kerk. Om sy idees te aktualiseer moet hierdie kerk per definisie universeel wees – in diens van die Europese ekumenisiteit. Hierdie kerk in sy universaliteit moet alle uitdrukkingsvorme van die christelike lewe en geloof insluit. Die kerk is vir Leibniz dus nie om 't ewe nie. Dit moet 'n kerk wees wat 'n baie belangrike rol speel in die transformasie van almal wat aan die rand van die ware ekumenisiteit lê. Dit gaan oor die welwese van die ganse wêreld waarin die universele kerk 'n onafwendbare en onmisbare inset en impak moet hê.

Sy kerkleer is gebaseer op die geskiedenis – juis op die geskiedenis van die ekumene wat die ganse wêreld moet omvat. Leibniz skeep dus vir die kerk in die nuwe Europa bestaansmoontlikhede en bestaansgrond. Uiteraard op die belangrike voorwaarde dat daardie kerk in die egte humanistiese tradisie, moet kan onderskei tussen fundamentele en sekondêre geloofsartikels; tussen middelmatige en essensiële sake; tussen kernwaarhede en sake wat op die rand lê. Ter wille van die ekumene en die ekumenisering.

## Die tweede lyn

Ons moet deeglik daarvan bewus wees dat daar meer as een diachroniese lyn in die geskiedenis is. Lê dit wat ons as ekumene sien in die verlengde van die gedagtes van Leibniz? En daaragter die *corpus christianum*, met nog verder in die verlede Augustus en Alexander? Of sien ons daarin die standpunt van die reformasie wat die ander diachroniese lyn volg, naamlik: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie?

'n Fundamentele afwys van die ekumeniese beweging is nog nie 'n vrypas om die rug te draai op wat die alomteenwoordige Christus besig is om te doen nie. As ons die sekulêre vergestaltungs van 'n ou geografiese begrip, 'n ekumene wat homself in die sin van Babel opbou, afwys – wat omhels ons dan? Deur wie word ons omhels? Daarvoor sal ons baie duidelikheid moet kry.

Kerklike tradisies kleef aan ons – oorblyfsels van die Alexandrynse begrip van die ekumene; kerkisme. Ons dra dit in, in ons omgang met mekaar. Die Heidelbergse Kategismus (vraag en antwoord 54) sê dat die Seun van God vir Hom 'n gemeente vergader. Die Seun van God is besig om dit te doen. Ons mag daarin deel. Ons ontdek dit in mekaar. Al het ons verskillende tale, kulture, verskillende plekke van aanbidding, verskillende kerkgenootskappe en -gemeenskappe, ontdek ons die instandhoudingswerk van ons Here Jesus Christus. As ons die wêreldse ekumene afwys, wat ons fundamenteel moet doen, dan maak die Here Jesus ons oop vir sy werk oor die hele wêreld. Ons moet dit raaksien. Diegene in die hele wêreld wat deur Hom gered is, moet die pad wat die koninkryk vir homself oopbreek, deel. Heerliker kan dit nie wees nie.

### VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

#### Redaksie:

Ds GJ Meijer  
Mev J de Wind  
Ds HLJ Momberg  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 4676  
e-pos: alabuys@lantic.net  
jdewind@mweb.co.za

#### Medewerkers:

Dr ALA Buys  
Dr AH Bogaards  
Prof GJC Jordaan  
Ds SJMS Smit  
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

#### Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 331 4733 (na 14:00)  
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za  
Faks 012 335 9135

#### Intekengeld:

R130 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling**  
**Spaarrekening 9054701904**  
**ABSA, Waverley, Pretoria**

#### Tegniese versorging:

Printburo  
Posbus 25316  
Gezina, 0031